

## HOOFSTUK 5

### DIE KENMOTIEF IN DIE OPSOMMING VAN DIE APOSTEL SE LEER (1:3-11)

Dit is uit hoofstuk 3 punt 6.2 duidelik dat die skrywer in 1:3-11 'n opsomming van sy leer gee. Uit dieselfde hoofstuk het ook geblyk dat die opsomming in drie kleiner gedagte-eenhede verdeel kan word.

Hierdie kleiner gedagte-eenhede kan soos volg uiteengesit word:

- \* *Gedagte-eenheid 1* (1:3-4): Die historiese gedeelte van die apostel se leer.
- \* *Gedagte-eenheid 2* (1:5-10): Die aanmoedigingsgedeelte van die apostel se leer.
- \* *Gedagte-eenheid 3* (1:11): Die eskatologiese gedeelte van die apostel se leer.

Dit blyk uit die voorkoms van woorde wat moontlik die kenmotief dra (vergelyk hoofstuk 1 punt 5), dat die kenmotief waarskynlik in die eerste twee gedagte-eenhede funksioneer. Dit is ook moontlik dat die kenmotief implisiet in gedagte-eenheid 3 voorkom. Daar word in hierdie hoofstuk aandag gegee aan die voorkoms van die kenmotief in hierdie drie gedagte-eenhede.

Regdeur die hoofstuk word na hierdie gedagte-eenhede verwys volgens die verklarende uiteensetting wat reeds gegee is: *gedagte-eenheid 1* verwys na die historiese gedeelte van die apostel se leer; *gedagte-eenheid 2* na die aanmoedigingsgedeelte en *gedagte-eenheid 3* na die eskatologiese gedeelte.

#### 1. Die kenmotief in gedagte-eenheid 1

Die kenmotief in gedagte-eenheid 1 word nagegaan deur eerstens aandag te gee aan die woord/e waarin die kenmotief manifesteer en tweedens deur vas te stel in watter mate hierdie woord/e die kenmotief in die gedagte-eenheid dra.

Nadat bepaal is watter woorde wel die kenmotief dra, word die kenmotief in gedagte-eenheid 1 bestudeer, soos dit in dié gedagte-eenheid deur hierdie woorde gedra word.

##### 1.1 Woorde waarin die kenmotief in gedagte-eenheid 1 na vore tree

In gedagte-eenheid 1 word twee woorde gebruik wat moontlik die kenmotief dra (vergelyk hoofstuk 3 punt 7.2.1), te wete die woorde ἐπιγνώσεως en γέννησε.

Eerstens moet bepaal word binne watter semantiese velde Petrus hierdie woorde aanwend ten einde vas te stel of die kenmotief wel in hierdie woorde geïdentifiseer kan word.

### 1.1.1 Ἐπιγνώσεως (1:3)

Uit hoofstuk 4 punt 5.2.1.3 blyk dit dat ἐπίγνωσις in die volgende vier semantiese velde aangewend word:

- \* Leer (27).
- \* Ken (28).
- \* 'n Perspektief hê, Glo, Vertrou (31).
- \* Verstaan (32).

Wanneer ἐπίγνωσις in semantiese velde 27, 31 en 32 aangewend word, is dit deel van idiomatiese uitdrukkings (Louw & Nida, 1988ii:98). Dit is egter duidelik dat Petrus, soos in 1:2, ἐπίγνωσις ook in 1:3 nie as deel van 'n idiomatiese uitdrukking gebruik nie. Daarom kan aanvaar word dat hy die woord in 1:3 binne semantiese veld 28 aanwend.

Semantiese veld 28 is aan die kenmotief verbind (vergelyk hoofstuk 1 punt 5): die woord ἐπιγνώσεως in 1:3 dra dus die kenmotief.

### 1.1.2 Γένησθε

Uit Louw en Nida (1988ii:51) blyk dit dat γίνομαι in die volgende semantiese velde aangewend word:

- \* Om te wees, Word, Bestaan, Gebeur (13).
- \* Liniêre beweging (15).
- \* Besit, Oordra, Ruil (57).
- \* Gedrag en verbandhoudende toestande (41).
- \* Bestaan in ruimte (85).
- \* Diskoersmerker (91).
- \* Assosiasie (34).
- \* Dink (30).

Dit is duidelik dat slegs semantiese veld 30 enigszins met die kenmotief verband hou (vergelyk hoofstuk 1 punt 5). Louw en Nida (1988ii:51) toon egter aan dat γένησθε in hierdie semantiese veld slegs in 'n idiomatiese uitdrukking gebruik word. Aangesien so 'n idiomatiese uitdrukking hoegenaamd nie in 1:4 ter sprake is nie, is dit duidelik dat γένησθε in hierdie geval nie met die kenmotief verband hou nie. Daarom kan γένησθε in 1:4 nie as draer van die kenmotief beskou word nie.

### 1.2.3 Slotsom

Dit blyk dus dat die kenmotief in 1:3-4 slegs deur die woord ἐπιγνώσεως gedra word.

## 1.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 1 soos gedra deur die woord ἐπιγνώσεως in 1:3

Eerstens word aan die definiëring van die betekenis waarvoor die woord ἐπιγνώσεως in 1:3 gebruik word, aandag gegee en daarna aan die verband tussen ἐπιγνώσει en die res van gedagte-eenheid 1. Op hierdie wyse word bepaal in watter mate die woord ἐπιγνώσεως die kenmotief in 1:3 dra.

### 1.2.1 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord ἐπιγνώσεως in 1:3 aangewend word

Daar kan aanvaar word dat Petrus die woord ἐπιγνώσεως in 1:3 vir dieselfde betekenis aanwend as die betekenis waarvoor hy dit in die vorige vers (1:2) aangewend het. Hierdie aanname word bevestig deur die feit dat Petrus in 1:2 twee Persone, te wete God die Vader en Jesus Christus as objekte van ἐπιγνώσει stel (vergelyk hoofstuk 4 punt 5.2.2.2) en dat in 1:3 weereens 'n Persoon, Jesus Christus as die objek gestel word (vergelyk punt 1.2.2.2).

Ἐπιγνώσεως (1:3) word dus in 1:3, soos in 1:2, gebruik om kennis aan te dui wat min of meer afgebaken is. Hierdie kennis veronderstel diepgang, wat in 'n innige, persoonlike verhouding gesetel is. Om so te ken, veronderstel ook dat inligting reeds vooraf verkry is.

### 1.2.2 Die verband van ἐπιγνώσεως met gedagte-eenheid 1

Dit is duidelik dat ἐπιγνώσεως in 1:3 met verskeie sake in gedagte-eenheid 1 in verband staan. Die verhouding tussen ἐπιγνώσεως en hierdie sake word nou nader ondersoek.

#### 1.2.2.1 Ἐπιγνώσεως en die gee van alles wat dien tot die lewe en die godsvrug

##### 1.2.2.1.1 Die subjek van 1:3-4

Verse 3-4 bevat die "moeilike" sinsbou van 'n *genetivus absolutus* ( τῆς θείας δυνάμεως... δεδωρημένης) wat die plek van die hoofsin inneem. Sintakties gesproke word die handeling van die sin dus deur die genitiewe deelwoord δεδωρημένης gestel, en die subjek van die handeling is τῆς θείας δυνάμεως αὐτοῦ. Die woorde kan letterlik weergegee word as "sy goddelike krag het geskenk". Die handelende persoon is dus eintlik inbegrepe in die subjektiewe genitief αὐτοῦ. Dit is egter moeilik om te bepaal na wie Petrus met αὐτοῦ in 1:3

verwys.  $\alpha\upsilon\tau\omicron\upsilon$  in 1:3 kan óf na Jesus Christus óf na God die Vader verwys, aangesien albei Persone in die vorige vers vermeld is.

Saam met Fornberg (1977:144) en Kahmann (1983:29) kan egter aanvaar word dat hy na Jesus Christus verwys, aangesien Jesus Christus in 1:2 laaste vermeld word en derhalwe die naaste antesedent van  $\alpha\upsilon\tau\omicron\upsilon$  is. Die feit dat Jesus Christus reeds in 1:1 God ( $\theta\epsilon\omicron\upsilon$ ) genoem is en daar in 1:3 sprake is van "goddelike krag" ( $\tau\eta\varsigma\ \theta\epsilon\acute{\iota}\alpha\varsigma\ \delta\upsilon\nu\acute{\alpha}\mu\epsilon\omega\varsigma$ ), ondersteun die aanname dat  $\alpha\upsilon\tau\omicron\upsilon$  na Jesus Christus verwys.

Bauckham (1983:177) toon aan dat die frase  $\tau\eta\varsigma\ \theta\epsilon\acute{\iota}\alpha\varsigma\ \delta\upsilon\nu\acute{\alpha}\mu\epsilon\omega\varsigma$  'n standaard Griekse term was wat ook gebruik is deur die Joods-Hellenistiese skrywers soos Philo en Josefus en latere Christelike skrywers soos Justinus en Klemens.

Dit val op dat hierdie frase nie elders in die Nuwe Testament voorkom nie. Hoewel hierdie frase nie deur Nuwe-Testamentiese skrywers gebruik word nie, is die gedagte dat Jesus Christus goddelike krag besit, egter nie vir hulle vreemd nie. In Markus 5:30 praat Markus van die krag wat uit Jesus Christus uitgegaan het. Lane (1975:192) merk oor hierdie woorde van Markus op:

"Power is a constitutive element in the biblical concept of the personal God. Jesus possesses the power of God as the representative of the Father."

Ook Lukas stel dit duidelik dat Jesus oor God se krag beskik (Lk. 5:17). Paulus praat onder andere in 1 Korintiërs 5:4 en 2 Korintiërs 12:9 van die krag van Jesus Christus. Hieruit kan afgelei word dat Petrus die feit dat Jesus Christus oor God se krag beskik het, op so 'n wyse stel dat sy lesers wat in 'n Hellenistiese samelewing geleef het, dit kon verstaan (vergelyk hoofstuk 2 punt 3.3.1).

Uit bostaande is dit duidelik dat Fornberg (1977:144) korrek is wanneer hy stel: "The epithet 'divine' says that Christ is not a second God but shares in the divine power ... Christ possessed the power of God."

Dit blyk dat Petrus met die woorde  $\tau\eta\varsigma\ \theta\epsilon\acute{\iota}\alpha\varsigma\ \delta\upsilon\nu\acute{\alpha}\mu\epsilon\omega\varsigma\ \alpha\upsilon\tau\omicron\upsilon$  wil beklemtoon dat Jesus Christus vanuit sy goddelike krag geskenk het.

#### 1.2.2.1.2 Die persone na wie $\eta\mu\acute{\iota}\nu$ in 1:3 verwys

Verskeie skrywers soos Bauckham (1983:176-177), Bolkestein (1977:249) en Kelly (1969:299-300) aanvaar dat die skrywer met die woord  $\eta\mu\acute{\iota}\nu$  in 1:2 na sowel die apostels as

die lesers verwys. Bigg (1969:253) en Van Houweling (1993:31) is egter oortuig dat die skrywer met ἡμῖν verwys na die apostels, in onderskeid met die lesers.

Wanneer die volgende argumente in ag geneem word, blyk dit dat Bigg en Van Houweling se standpunt aanvaar behoort te word:

- \* In 1:1 is reeds deur die skrywer 'n onderskeid gemaak tussen die lesers en die apostels toe hy gestel het dat die twee partye, die apostels en die lesers, dieselfde geloof ontvang het (vergelyk hoofstuk 4 punt 3.2.2.4). Dit is daarom moontlik dat die skrywer eers oor die een party, die apostels, handel en later oor die ander party, die lesers.
- \* Die feit dat die skrywer in 1:4 eers stel dat aan "ons" beloftes geskenk is, en dan sê dat daar vir "julle" gevolge is, gee rede om te aanvaar dat Petrus in hierdie verse die onderskeid tussen "ons" en "julle" wil handhaaf. Soos Van Houweling (1993:31) tereg stel:
 

"Als de beloften aan alle gelowigen geschonken zijn, dan valt niet goed te verklaren waarom de apostel niet vervolgt met: sodat wij daardoor ...".
- \* Bauckham (1983:176) argumenteer dat, indien ἡμῖν na die apostels verwys, die hele stelling "sy goddelike krag het aan ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien" irrelevant word. Volgens Bauckham kan genoemde stelling eers relevant wees indien die "apostles passed these things on to the readers". Bauckham se argument is egter nie geldig nie. Petrus dui self aan dat die dinge wat aan die apostels geskenk is vir sy lesers relevant is, deur in 1:4b weer na die tweede persoon meervoud terug te keer en te sê: ἵνα διὰ τούτων γένησθε θείας κοινωνοί φύσεως...
- \* Die afwisseling van die eerste persoon meervoud en tweede persoon meervoud neem 'n prominente plek verder in die brief in. In 1:16 word uitdruklik gestel dat "ons" aan "julle" bekend gemaak het. In dieselfde vers word ook uitdruklik gestel dat "ons", in onderskeid van die lesers, aanskouers was van Jesus se majesteit.

Die persone aan wie daar volgens 1:3 geskenk is, is dus Petrus en die ander apostels.

### 1.2.2.1.3 Die inhoud van wat geskenk is

Petrus stel in 1:3 dat die goddelike krag "alles" (πάντα) gegee het. Petrus omskryf nie die "alles" wat aan die apostels geskenk is nie. Die feit dat hy reeds in 1:1 duidelik gemaak het dat die apostels (saam met die lesers) deel gekry het aan die aanvaarde geloofswaarhede (vergelyk hoofstuk 4 punt 3.2.2.4), dui daarop dat πάντα verwys na die geloofswaarhede (πίστιν) wat in 1:1 vermeld is.

Hierdie interpretasie word bevestig deur die feit dat Petrus in 1:1 beklemtoon dat die aanvaarde geloofswaarhede deur goddelike beskikking en keuse verkry is (vergelyk hoofstuk 4 punt 3.2.2.1). Terwyl Petrus in 1:1 die goddelike betrokkenheid by die verkryging van die geloofswaarhede met die woord λαχοῦσιν na vore gebring het, stel hy in 1:3 uitdruklik dat Jesus Christus die aanvaarde geloofswaarhede deur sy goddelike krag (θείας δυνάμεως) aan hulle gegee het. Die feit dat Petrus die aanhef, waarin hy gestel het dat die apostels (en die lesers) die geloofswaarhede deur goddelike beskikking en keuse verkry het, baie nou verbind aan 1:3-4 (vergelyk hoofstuk 4 punt 5.2.3), dien as verdere ondersteuning van hierdie interpretasie. Dit blyk dat Petrus deur die gebruik van ὡς in 1:3 die πίστιν in wat volgens 1:1 aan die apostels (en die lesers) gegee is, weer hervat.

Die "alles" wat aan die apostels geskenk is, is die geloofswaarhede wat in 1:1 ter sprake gebring is. Die feit dat Petrus die woord "alles" gebruik, dui daarop dat Petrus na die geloofswaarhede in hulle volheid verwys. Jesus Christus het dus nie 'n deel van die geloofswaarhede teruggehou nie, maar het alles gegee wat nodig is om die doel wat gestel word te bereik (vergelyk punt 1.2.2.1.4).

#### 1.2.2.1.4 Die doel waarvoor die geloofswaarhede gegee is

Petrus stel nie net *dat* "alles" aan die apostels gegee is nie, maar maak ook duidelik wat die *doel* is waarom alles aan die apostels gegee is. Dit doen hy by wyse van die voorsetsel πρὸς, gevolg deur twee akkusatiewe<sup>1</sup>, te wete ζώην en εὐσέβειαν. Die twee woorde ζώην en εὐσέβειαν, waarmee Petrus die doel aandui waarom die "alles" aan die apostels gegee is, word deur Bauckham (1983:178) as *hendiadis* geïnterpreteer en hy vertaal dit as "a life of godliness" en "a godly life".

Paulsen (1992:107) stel egter 'n meer aanvaarbare standpunt: "Mit ζώην wird erstmals die Zukünftigkeit des wahren Lebens angesprochen, die den ganzen 2 Petr durchzieht." Hierdie "Zukünftigkeit des wahren Lebens" word weer deur die skrywer in 1:11 na vore gebring waar hy praat van die αἰώνιον βασιλείαν. Ook in 3:13 word die toekomstige ware lewe uitdruklik ter sprake gebring. Daar kan aanvaar word dat ζώην deur Petrus gebruik word vir 'n eie selfstandige betekenis naas die woord εὐσέβειαν.

---

<sup>1</sup>Die feit dat Petrus reeds in 1:1 dit duidelik gemaak het dat die geloof wat die apostels en die lesers verkry het, 'n leefwyse volgens God se wil tot gevolg het (vergelyk hoofstuk 4 punt 6.3.4), dui daarop dat Petrus met πρὸς saam met die akkusatiewe ζώην en εὐσέβειαν die doel waarvoor "alles" gegee is, wil aandui (vergelyk Smyth, 1971:385).

Dit blyk dus dat Petrus ζῶήν in 1:3 vir die betekenis *ewige lewe* of *ware lewe* aanwend (vergelyk ook Louw & Nida, 1988i:261-262).

Deur die gebruik van die woord εὐσεβείαν beskryf Petrus " 'n gedragwyse wat die korrekte geloof en houding uitstraal (vergelyk Louw & Nida, 1988i:532). Uit 1:1 is dit duidelik watter gedrag ter sprake is. In 1:1 het Petrus duidelik gemaak dat die geloof wat die lesers en die apostels verkry het, tot 'n besondere leefwyse lei, te wete 'n leefwyse volgens God se wil (vergelyk hoofstuk 4 punt 6.3.4).

Die doel waarom "alles" aan die apostels gegee is, is dus eerstens dat dit moet lei tot die ewige lewe en tweedens dat daaruit 'n leefwyse volgens God se wil moet volg.

Wanneer daarop gelet word dat Petrus die woord πάντα emfaties aan die begin van die sin plaas, is dit duidelik dat hy wil beklemtoon dat Jesus Christus se goddelike krag nie onvolledig gegee het nie, maar dat alles gegee is. Dit wat die apostels ontvang het, dien volledig daartoe dat die ewige lewe ontvang is en dat dit moontlik is om volgens God se wil te lewe.

Dit is opmerklik hoe die skrywer goddelike krag en menslike verantwoordelikheid met mekaar in verhouding bring. Goddelike krag het aan die apostels gegee, maar dit wat gegee is, moet daartoe dien dat volgens God se wil gelewe word. Petrus maak dit dus duidelik dat Jesus Christus met sy goddelike krag in 'n besondere vennootskapsverhouding met die dissipels te staan gekom het. Die gawe wat Hy deur sy goddelike krag aan hulle gegee het, word vir hulle 'n opdrag om volgens God se wil te lewe.

#### 1.2.2.1.5 Die diepgaande kennis en die skenk van alles

In hoofstuk 4 punt 6.5.3 is aanvaar dat Petrus die diepgaande kennis van God en Jesus Christus stel as die bron waaruit genade en vrede verkry kan word, asook as die middel waardeur genade en vrede toeneem. Anders as in 1:2 waar Petrus die voorsetsselfrase ἐν ἐπιγνώσει gebruik, gebruik hy in 1:3 die voorsetsselfrase διὰ ἐπιγνώσεως. Sy goddelike krag het διὰ τῆς ἐπιγνώσεως aan die apostels alles geskenk. Petrus stel daarmee ἐπιγνώσεως as die instrument waarmee πάντα aan die apostels geskenk is (Greijdanus, 1929:242; Kelly, 1969:300; Grundmann, 1974:69). Jesus Christus het dus die diepgaande kennis as instrument gebruik om aan die apostels alles te gee wat dien tot die ewige lewe en tot 'n leefwyse volgens God se wil.

#### 1.2.2.2 Ἐπιγνώσεως en die Persoon wat geroep het

Die skrywer stel uitdruklik Wie die objek van die kennis is, te wete τοῦ καλέσαντος ἡμᾶς ἰδίᾳ δόξῃ καὶ ἀρετῇ. Aangesien in punt 3.2.2 aanvaar is dat ἡμῶν in 1:3a na die apostels in

onderskeid van die lesers verwys, is dit ook logies om te aanvaar dat ἡμῶς in 1:3b na die apostels verwys en nie na alle gelowiges nie. Wanneer aanvaar word dat die wat geroep is die apostels is, kan ook aanvaar word dat die Een wat die apostels geroep het, Jesus Christus is. Die aanname dat dit Christus is wat geroep het, is geldig aangesien die roeping van die apostels deur Jesus Christus 'n baie besondere plek in die vroeg-Christelike kerk ingeneem het (vergelyk byvoorbeeld Mk.1:16-20).

Petrus vermeld ook nog die instrumente waarmee Jesus Christus die apostels geroep het, te wete met sy δόξη en ἀρετῇ. Dit wat die apostel in 1:16 skryf, bevestig dat hy δόξη en ἀρετῇ as datiewe van instrument gebruik. Hy beklemtoon in 1:16-18 dat hyself en die ander twee apostels aanskouers was van Jesus Christus se heerlikheid. Hulle het sy μεγαλοπρεποῦς aanskou (1:16) en hulle het gehoor hoe Hy τιμὴν en δόξαν ontvang (1:17). Uit 1:16-18 is dit duidelik dat dit wat hulle gesien en gehoor het, as begroning gedien het vir die dinge wat hulle aan die lesers bekendgemaak het (vergelyk hoofstuk 7 punt 2.3.2). Hulle het dit as roeping beskou om die betekenis van die dinge wat hulle gesien en gehoor het, aan die lesers te verkondig. Die roeping waarna Petrus in 1:3 verwys, het dus spesifiek betrekking op die roeping van die apostels om aan die lesers bekend te maak wat die dinge wat hulle tydens die verheerliking aanskou en gehoor het, beteken.

Dit word duidelik dat die diepgaande kennis waarna Petrus in 1:3 verwys, kennis is wat impliseer dat Jesus Christus geken word as die Een wat geroep het om die betekenis van dit wat tydens die verheerliking aanskou en gehoor is, te verkondig.

### 1.2.2.3 Ἐπιγνώσεως en die Persoon wat die beloftes gegee het

#### 1.2.2.3.1 Die subjek en objek van δεδώρηται in 1:4

Die werkwoord δεδώρηται kan 'n passiewe werkwoord wees met ἐπαγγέλματα as die subjek. Die werkwoord kan egter ook as medium verstaan word. Die feit dat δεδωρημένης in 1:3 in die medium staan, toon dat Petrus heel waarskynlik ook in 1:4 die werkwoord δεδώρηται in die medium gebruik (vergelyk Huther, 1867:323). Ἐπαγγέλματα is dus in 1:4 die objek van δεδώρηται. Jesus Christus, wie se δόξη en ἀρετῇ in 1:3 ter sprake was, is die subjek.

Jesus Christus is die Een wat gegee het en wat Hy gegee het, verteenwoordig die beloftes self (ἐπαγγέλματα).

#### 1.2.2.3.2 Die beloftes (ἐπαγγέλματα) wat Jesus Christus gegee het



Met die woord ἐπαγγέλματα in 1:4 verwys Petrus nie na die inhoud van beloftes wat reeds ontvang is nie maar na beloftes wat gemaak is waarvan die inhoud nog in die toekoms ontvang moet word. Dit word bevestig deur die feit dat hy ἐπαγγέλματα deur die woorde δόξη en ἀρετῇ kwalifiseer (vergelyk 1.2.2.3.4 hier onder), asook die feit dat hy verder aan in die brief, in 1:11 en weer in 3:13, toekomstige gebeure wat heerlike gevolge vir sy lesers inhou, aan die orde stel.

Petrus maak dit dus duidelik dat Jesus Christus die grootste en kosbare beloftes vir die toekoms gegee het.

#### 1.2.2.3.3 Die persone aan wie die beloftes geskenk is

Diegene aan wie die beloftes geskenk is, word in die datief gestel, te wete ἡμῖν (1:4). Hulle is dieselfde mense as die ἡμῖν van 1:3, te wete die apostels (vergelyk punt 1.2.2.1.2).

#### 1.2.2.3.4 Die instrumente waarmee Jesus Christus die beloftes aan die apostels geskenk het

Petrus dui met δι' ὧν in 1:4 die instrumente aan waarmee Jesus Christus aan die apostels die beloftes gee. Daar kan aanvaar word dat die antesedent van δι' ὧν in 1:4, δόξη en ἀρετῇ in 1:3 is, en nie πάντα (1:3) of ἡμᾶς (1:3) nie, aangesien δόξη en ἀρετῇ die naasgeleë woorde aan δι' ὧν is. Die heerlikheid (δόξη) en morele voortrefflikheid (ἀρετῇ) van Jesus Christus is dus die instrumente waarmee Jesus Christus die beloftes aan die apostels geskenk het.

2 Petrus 1:16 werp lig op die vraag waarom Petrus die δόξη en ἀρετῇ van Jesus Christus aandui as die instrumente waarmee Jesus Christus beloftes aan die apostels geskenk het. Petrus beklemtoon immers in 1:16 dat hy en die ander twee apostels tydens die verheerliking Jesus Christus se μεγαλειότητος aanskou het (1:16) en dat hulle gehoor het hoe Hy τιμὴν en δόξαν ontvang het (1:17). Dit wat die apostels van Jesus Christus gesien en gehoor het, het aan hulle duidelik gemaak wat in die toekoms gaan gebeur. Op grond van hierdie openbaring kon die apostels ook aan die lesers die dinge aangaande die kragtige koms van Jesus Christus bekend maak. In ooreenstemming hiermee dui Petrus in 1:4 Christus se δόξη en ἀρετῇ as die instrumente aan waarmee Hy die beloftes aan die apostels gegee het. Deur die openbaring van sy heerlikheid en deug het Hy aan hulle die kosbare en allergrootste beloftes van sy kragtige koms gegee.

In hoofstuk 3 punt 5.1 is aangetoon dat 2 Petrus 1:3-4a soos volg in 'n omgekeerde parallelisme gestruktureer is:

a1	die gawe	(πάντα)
b1	die ontvanger van die gawe	(ἡμῖν)
c1	beskrywing van die gawe	(τὰ πρὸς ζωὴν καὶ εὐσέβειαν)
d1	is gegee	(δεδορημένες)
e1	instrument	(διὰ τῆς ἐπιγώσεως ... ἀρετῆ)

e2	instrument	(δι' ᾧν)
c2	beskrywing van die gawe	(τίμια καὶ μέγιστα)
b2	die ontvanger van die gawe	(ἡμῖν)
a2	die gawe	(τα ἐπαγγέλματα)
d2	is gegee	(δεδώρηται)

Die omgekeerde parallelisme bestaan uit twee bene waarin die gawe wat gegee is, die ontvanger van die gawe, die beskrywing van die gawe en die instrument waardeur gegee is as 't ware soos 'n spieëlbeeld gerangskik is. Sodoende word die instrument waardeur die gawe gegee word, in beide gevalle sentraal gestel.

Hierdie wyse van strukturering het belangrike implikasies vir die manier waarop die kenmotief in hierdie verse figureer. Die instrument waardeur die gawe gegee word hou immers in beide gevalle direk verband met ἐπίγνωσις. In die eerste been van die parallelisme (a1-e1) is die instrument duidelik *diepgaande kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug* (e1). In die tweede been van die parallelisme (a2 - e2) word die instrument gestel deur die relatiewe frase δι' ᾧν (e2). Die antesedent van die relatiewe sin is die woorde δόξη καὶ ἀρετῆ in e1. Sodoende word e1 en e2 direk aan mekaar verbind en is die ἐπιγνώσεως van e1 ook by e2 van krag. Die diepgaande kennis waardeur Christus sy gawes gee, is dus nie net kennis van Jesus as die Een wat deur sy heerlikheid en deug sy apostels geroep het nie (e1), maar ook kennis van Hom as die Een wat deur daardie selfde heerlikheid en deug beloftes aan die apostels gemaak het (e2 - d2).

Die instrument waardeur Christus sy beloftes aan die apostels geskenk het, is dus ἐπίγνωσις - diepgaande kennis aangaande Jesus Christus as die Een wat deur sy heerlikheid en deug sy apostels geroep en aan hulle beloftes gemaak het.

#### 1.2.2.4 Ἐπιγνώσεως en dit wat die lesers volgens 1:4b sal wees (γένησθε)

##### 1.2.2.4.1 Die antesedent van διὰ τούτων

Bigg (1969:255) aanvaar dat die frase διὰ τούτων in 1:4b na ἐπαγγέλματα in 1:4a verwys, aangesien διὰ τούτων deur ἐπαγγέλματα voorafgegaan word.

In die vorige punt is egter aangetoon dat die beloftes (ἐπαγγέλματα) saam met die roeping (καλέσαντος) van die apostels die inhoud is van die diepgaande kennis (ἐπιγνώσεως) wat in 1:3 vermeld word. Hierdie diepgaande kennis dien volgens 1:3 weer as die instrument (vergelyk punt 1.2.2.1.5) waarmee Jesus Christus aan die apostels die volledige geloofswaarhede gee (vergelyk punt 1.2.2.1.3). In die lig daarvan dat 1:3-4a so 'n hegte eenheid vorm, blyk dit beter te wees om te aanvaar dat Petrus met διὰ τούτων na sy totale beredenering in 1:3-4a verwys.

Διὰ τούτων verwys dus eerstens na die feit dat Jesus Christus aan die apostels al die geloofswaarhede gegee het wat dien tot die ewige lewe en tot 'n leefwyse volgens God se wil.

Διὰ τούτων verwys egter tweedens ook na die wyse waarop Jesus Christus aan die apostels al die geloofswaarhede gegee het. Hy het die geloofswaarhede naamlik deur die diepgaande kennis van Jesus Christus gegee - Jesus Christus wat die apostels geroep het en aan hulle beloftes gegee het.

Die demonstratief τούτων verwys dus na die geheel van Jesus se handeling met die apostels soos dit in 1:3-4a beskrywe is. Die voorsetsel διὰ verbind dit instrumenteel aan 1:4b: deur al daardie handeling van Jesus met sy apostels het Hy iets anders bewerk. Daardie iets anders stel Petrus by wyse van ἵνα plus die konjunktief.

#### 1.2.2.4.2 Ἴνα saam met die konjunktief γένησθε

Van Houweling (1988:101) is oortuig dat ἵνα saam met die konjunktief γένησθε in 1:4b 'n doelsin is. Uit die konteks is dit egter duidelik dat Petrus met die sin γένησθε θείας κοινωνοὶ φύσεως eerder die gevolg van die dinge wat hy in 1:3-4b beredeneer het (vergelyk punt 1.2.2.4.1), wil aandui. Γένησθε θείας κοινωνοὶ φύσεως word dus in 1:4 gestel as die gevolg van die feit dat Jesus Christus aan die apostels al die geloofswaarhede gegee het en dat Hy dit gegee het deur die kennis van Hom wat hulle geroep en aan hulle die beloftes gegee het.

#### 1.2.2.4.3 Die oorskakeling vanaf die eerste persoon meervoud na die tweede persoon meervoud in 1:4b

Die oorgang vanaf die eerste persoon "ons" in 1:3-4a na die tweede persoon "julle" in 1:4b is baie opvallend. Van Houweling (1993:31) wys daarop dat hierdie oorgang "extra geaccentueerd" word deur die verskil in werkwoordsvorm (vanaf perfektum na aoristus). Dit is duidelik dat Petrus, nadat hy in 1:3-4a gestel het wat aan die *apostels* gegee is, wil duidelik maak watter gevolge dit vir die *lesers* inhou dat hierdie dinge aan die apostels gegee is.

Die vraag is egter waarom dit vir die lesers gevolge inhou wanneer Jesus Christus aan die apostels sekere dinge gee. Die feit dat Petrus in 1:3 beklemtoon dat Jesus Christus besondere kennis as instrument gebruik om aan die apostels alles te gee, verskaf die antwoord op hierdie vraag. Hierdie kennis waardeur Jesus Christus aan die apostels alles gee, hou in dat die apostels Jesus Christus ken as die een wat hulle geroep het om die betekenis van dit wat hulle tydens die verheerliking aanskou en gehoor het, te verkondig (vergelyk punt 1.2.2.2). Die apostels se roeping het dus die opdrag tot bekendmaking ingehou. Uit 1:16 blyk dit dat die apostels hierdie opdrag uitgevoer het en het dit, soos blyk uit die gebruik van ἵνα saam met die konjunktief γένησθε in 1:4 (vergelyk punt 1.2.2.4.2), vir die lesers gevolge ingehou.

Omdat die apostels dus die geloofswaarhede wat hulle ontvang het, aan die lesers verkondig het, het dit wat hulle ontvang het, vir die lesers gevolge ingehou.

#### 1.2.2.4.4 Γένησθε θείας κοινωνοὶ φύσεως as 'n gevolg

Die woorde γένησθε θείας κοινωνοὶ φύσεως word dikwels deur skrywers verstaan teen die agtergrond van die Grieks-Hellenistiese filosofie. Frankemölle (1990:92), Kahmann (1983:31-33), Kelly (1969:303), Knoch (1990:239-240) en Paulsen (1992:108-110) aanvaar in die lig van die Grieks-Hellenistiese filosofie dat die skrywer met hierdie woorde aan sy lesers voorhou dat die mens op een of ander wyse deel kry aan God, spesifiek aan die onsterflikheid van die godheid.

Wolters (1990:28-44) dui egter aan dat die woorde γένησθε θείας κοινωνοὶ φύσεως nie vanuit die Grieks-Hellenistiese filosofie verklaar moet word nie maar dat dit verbondsmatig verstaan moet word. Hy bevestig sy standpunt deur te wys op die betekenis waarvoor die woorde κοινωνοὶ en θείας φύσεως gebruik word.

Wolters toon aan dat die woord κοινωνός in die Klassieke Griekse literatuur normaalweg na die betekenis "vennoot" ("partner") verwys<sup>2</sup>. Hy wys ook daarop dat κοινωνός in die Nuwe Testament na die betekenis "vennoot" verwys. Uitsonderings is egter 2 Korintiërs 1:7 en 1 Petrus 5:1 (waar κοινωνός na die betekenis "deler" of "deelgenoot" verwys). Hy ondersoek ook die nie-literêre papiri en bevind dat dié woord bykans sonder uitsondering verwys na die betekenis "vennoot", en in die besonder "besigheidsvennoot". Wolters (1990:33-34) sê verder:

<sup>2</sup>Vergelyk ook Louw en Nida (1988ii:144 en 1988i:447 vir die betekenis waarvoor die woord κοινωνός gebruik word

"When associated with a genitive case, the general rule appears to be that κοινωνός means 'partner' when the noun in the genitive refers to a person but that it means "partaker" when the noun in the genitive refers to a thing."

Hy toon daarna oortuigend aan dat θείας φύσεως 'n goddelike persoon of God verteenwoordig en dat κοινοί in 1:4 dus as "partner" vertaal moet word. Volgens hierdie interpretasie handel Petrus dus nie in 1:4b oor deelgenote aan die goddelike natuur nie, maar oor vennote van die Godheid. Hierdie vennootskapsverhouding, so toon Wolters aan, is niks anders as die verbondsverhouding tussen God en die gelowiges wat telkens deur ander Bybelskrywers na vore gebring word nie.

Die feit dat Petrus aan mense skryf wat Hellenisties georiënteerd is (vergelyk hoofstuk 2 punt 7.3.5), verskaf die rede waarom Petrus hierdie verbondsverhouding, soos ook ander sake in die brief (vergelyk hoofstuk 2 punt 2.3.1), in Hellenistiese terme weergee.

Van Houweling (1993:34) het twee besware teen hierdie interpretasie van Wolters. Hy wys eerstens daarop dat daar 'n lidwoord ontbreek by die uitdrukking "goddelike natuur" en dat dit dus nie voor die handliggend is om θείας φύσεως as 'n omskrywing van die goddelike Persoon te beskou nie. Hy noem ook dat Petrus die woord κοινωνός in die eerste brief as "deelgenoot" gebruik (1 Pt. 5:1). Van Houweling gee egter toe dat dit moontlik sou wees dat Petrus κοινωνός in 1 Petrus gebruik vir die betekenis "deelgenoot" en dit in 2 Petrus gebruik vir die betekenis "vennoot". Hy sal egter ook moet toegee dat, hoewel nie voor die handliggend nie, dit wel moontlik is dat Petrus θείας φύσεως sonder die lidwoord as omskrywing van God gebruik.

Uiteindelik kan die betekenis wat aan die woorde geheg moet word, slegs vanuit hulle konteks bepaal word.

Die duidelike parallel tussen dit wat Petrus in 1:3-4a aangaande die apostels sê en dit wat hy in 1:4b aangaande die lesers sê, bevestig Wolters se teorie. Petrus het immers reeds in 1:3 oor 'n vennootskap tussen Jesus Christus en die *apostels* handel (vergelyk punt 1.2.2.1.4). Jesus Christus se goddelike (θείας) krag het volgens 1:3 aan die apostels alles gegee en dit lei tot 'n leefwyse volgens God se wil. Wanneer die *lesers* in 'n vennootskapsverhouding (φύσεως) met die Godheid (θείας φύσεως) te staan kom, behoort dit ook volgens 1:5 tot 'n spesifieke leefwyse te lei (let op καὶ αὐτὸ τοῦτο δέ in 1:5).

Die parallel tussen 1:3-4a en dit wat Petrus vanaf 1:4b en verder stel, strek egter nog verder. Nadat Petrus in 1:3 verklaar het dat die goddelike krag alles (πάντα) aan die apostels geskenk het, word die ewige lewe (ζωήν) en die beloftes (ἐπαγγέλματα) vir die toekoms aan die orde gestel (vergelyk punte 1.2.2.1.3; 1.2.2.1.4 en 1.2.2.3.2). Die skrywer volg dieselfde

redevoeringspatroon wanneer hy in 1:4 oor die verhouding tussen die lesers en die Godheid handel en dan, nadat hy in 1:5-10 die leefwyse van die lesers verbesonder het, word die ewige lewe van die lesers in 1:11 aan die orde gestel. Skematies voorgestel, lyk die redevoeringspatroon soos volg:

**1:3-4a Gewe aan die apostels**

- :3a Lewe en godsvrug.
- :3b Geroepenes van Christus.
- :4a Beloftes vir die toekoms.

**1:4b-11 Gawes aan die lesers**

- :4b Verbondsvennote van God.
- :5-10 Godsvrugtige lewe.
- :11 Beloftes vir die toekoms.

Uit bostaande blyk dit dus dat Petrus met die woorde  $\gamma\acute{\epsilon}\nu\eta\sigma\theta\epsilon\ \theta\epsilon\acute{\iota}\alpha\varsigma\ \kappa\omicron\iota\nu\omega\nu\acute{o}\iota\ \phi\acute{\upsilon}\sigma\epsilon\omega\varsigma$  aan die lesers duidelik maak dat hulle verbondsvennote ( $\kappa\omicron\iota\nu\omega\acute{o}\iota$ ) van die Godheid ( $\theta\epsilon\acute{\iota}\alpha\varsigma\ \phi\acute{\upsilon}\sigma\epsilon\omega\varsigma$ ) geword het.

Daar kan dus aanvaar word dat Petrus, nadat hy in 1:3-4a duidelik gemaak het *wat* Jesus Christus aan die apostels gegee het en *hoe* Hy dit aan hulle gegee het, in 1:4b die gevolge daarvan vir die lesers duidelik maak. Die lesers het as gevolg daarvan in 'n verbondsverhouding met God te staan gekom.

**1.2.2.4.5 Die ontvlugting van die verdorwenheid**

Nadat Petrus die verbondsverhouding waarin die lesers met God te staan gekom het, geteken het, stel hy by wyse van 'n deelwoordfrase die ontvlugting ( $\acute{\alpha}\pi\omicron\phi\upsilon\gamma\acute{o}\nu\tau\epsilon\varsigma$ ) van die verdorwenheid ( $\phi\theta\omicron\rho\acute{\alpha}\varsigma$ ) aan die orde.

Daar bestaan verskil van mening waarna die  $\phi\theta\omicron\rho\acute{\alpha}\varsigma$  verwys. Reicke (1982:152-153) is oortuig dat dit na morele verdorwenheid verwys. Daarteenoor stel Bauckham (1983:182-183), Kelly (1969:302-304) en Van Houweling (1993:33) dat dit na die fisieke verweer van die mens verwys. Die feit dat die fisieke verderf nie werklik in die brief ter sprake kom nie, terwyl die morele verdorwenheid duidelik ter sprake is (vergelyk byvoorbeeld 2:12, 19), laat blyk dat  $\phi\theta\omicron\rho\acute{\alpha}\varsigma$  in 1:4 gebruik word vir die betekenis *morele verderf en agteruitgang* (vergelyk Louw & Nida, 1988i:771). Met die woord  $\phi\theta\omicron\rho\acute{\alpha}\varsigma$  stel Petrus dus die leefwyse van die lesers aan die orde, naamlik 'n leefwyse waarin hulle morele verdorwenheid ontvlug het.

Volgens Bauckham (1983:182) dui die gebruik van die aoristus deelwoord ἀποφυγόντες op 'n handeling wat die hoofwerkwoord γένησθε voorafgaan. In die lig daarvan dat die aoristus deelwoord gewoonlik 'n voorafgaande handeling uitdruk, blyk hierdie interpretasie 'n sterk moontlikheid te wees. Dit is egter meer waarskynlik dat die aoristus deelwoord in hierdie geval ingressief gebruik word. Ter motivering hiervan dien die volgende: In 1:3 het Petrus duidelik gemaak dat dit wat die apostels ontvang het, tot 'n leefwyse volgens God se wil lei. Wanneer Petrus dan in 1:4b oor die lesers handel, maak hy duidelik dat die verbondsverhouding waarin hulle met God staan, daartoe lei dat hulle *begin* het om die morele verdorwenheid te ontvlug. Dit kan daarom aanvaar word dat Petrus die aoristus deelwoord ἀποφυγόντες ingressief gebruik.

#### 1.2.2.4.6 Die apostels se diepgaande kennis en die lesers se verbondsverhouding en hulle ontvlugting

Dit word uit die voorgaande studie duidelik dat die apostels se diepgaande kennis 'n belangrike plek inneem in die totstandkoming van die verbondsverhouding tussen die lesers en God asook in die lesers se ontvlugting van die morele verdorwenheid. Die diepgaande kennis was die instrument waardeur Jesus Christus aan die apostels alles gegee het wat tot die ewige lewe en tot 'n lewe volgens die wil van God lei (vergelyk punt 1.2.2.1.5). Hierdie kennis het behels dat Jesus Christus geken word as die Een wat geroep het om dit wat tydens die verheerliking waargeneem is, bekend te maak (vergelyk punt 1.2.2.2). As gevolg van hierdie bekendmaking het die lesers in 'n verbondsverhouding met God te staan gekom en het dit daartoe gelei dat die lesers begin het om die morele verdorwenheid te ontvlug.

## 2. Die kenmotief in gedagte-eenheid 2 (1:5-10)

Ten einde vas te stel watter plek die kenmotief in gedagte-eenheid 2 inneem, word daar eerstens ondersoek ingestel na die voorkoms van woorde in gedagte-eenheid 2 waarin die kenmotief onderskei kan word. Hierdie gedagte-eenheid kan in twee kleiner gedagte-eenhede verdeel word, naamlik 1:5-7 en 1:8-10. In 1:5-7 word verskillende aspekte van 'n eties korrekte lewe uiteengesit; in 1:8-10 motiveer Petrus sy lesers tot 'n eties korrekte lewe (vergelyk die uiteensetting van die gedagtestruktuur in hoofstuk 3 punt 6.2). Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk word na hierdie twee kleiner gedagte-eenhede verwys as *gedagte-eenheid 2a* en *gedagte-eenheid 2b*.

Die plek wat die kenmotief in onderskeidelik gedagte-eenheid 2a en gedagte-eenheid 2b inneem, word hieronder bestudeer. Daar word veral aandag gegee aan die verband tussen die opsomming van die apostel se leer (1:3-4) en die deugdelys (1:5-7) in gedagte-eenheid 2a.

### 2.1 Woorde wat die kenmotief dra in gedagte-eenheid 2 (1:5-10)

In die etiese aansporingsgedeelte word die volgende woorde gebruik waarin die kenmotief moontlik figureer:

- \* πίσται in (1:5).
- \* γνῶσιν/γνώσει (1:5, 6)
- \* ἀργούς (1:8).
- \* ἐπίγνωσιν (1:8).
- \* τυφλός (1:9).
- \* μυωπάζων (1:9).
- \* λήθην (1:9).
- \* λαβών (1:9)
- \* βεβαίαν (1:10).
- \* ἐκλογήν (1:10)

Eerstens word gekontroleer of Petrus werklik die kenmotief deur die gebruik van hierdie woorde na vore bring.

### 2.1.1 Πίσται (1:5)

Die feit dat Petrus reeds in 1:1 duidelik gemaak het dat die lesers (soos die apostels) πίσται verkry het en die feit dat Petrus in 1:5-7 veronderstel dat die lesers reeds die πίσται besit<sup>3</sup>, laat blyk dat Petrus πίσται in 1:5 in dieselfde semantiese veld aanwend as waarin dit in 1:1 aangewend is, te wete die semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) en vir dieselfde betekenis. Semantiese veld 31 hou met die kenmotief verband (vergelyk hoofstuk 1 punt 5). Dit blyk dus dat Petrus die kenmotief deur die gebruik van die woord πίσται in 1:5 na vore bring.

### 2.1.2 γνῶσιν/γνώσει (1:5, 6)

Die woord γνώσις word volgens Louw en Nida (1988ii:52) in twee semantiese velde aangewend, te wete die veld *Ken* (28) en die veld *Verstaan* (32)).

Semantiese veld 28 het betrekking op die *besit van inligting* terwyl veld 32 verwys na *die proses waardeur die inligting gebruik word om tot 'n korrekte begrip en konklusie te kom* (vergelyk Louw & Nida, 1988i:380). Die konteks waarin Petrus γνώσις in 1:5 en 6 gebruik, dui daarop dat γνώσις in hierdie geval na 'n betekenis in semantiese veld 32 verwys. In die

<sup>3</sup> Die lesers ontvang nie in 1:5-7 die opdrag om πίσται by te voeg soos by die ander deugde wat in 1:5-7 ter sprake is nie.



brief laat Petrus immers nie die klem val op die vermeerdering van kennis nie. In 1:12 maak hy dit duidelik dat die lesers reeds kennis dra van die leer van die apostels. Ook wanneer Petrus in hoofstukke 3 en 4 oor die valse leraars en hulle dwalingshandel, handel hy nie oor die lesers se gebrek aan inligting ten opsigte van die leraars nie, maar benadruk hy die inligting wat hulle het en hoe hulle dit moet verwerk. Hulle weet byvoorbeeld dat daar valse profete was (2:1), wat gebeur het met die engele (2:4), die ou wêreld, Noag (2:5), Sodom en Gomorra (2:7). Hulle het ook volgens 3:2 inligting wat hulle van die profete en die apostels ontvang het. Wanneer Petrus dus in 1:5 van die lesers verwag om die γνώσις te vermeerder, bedoel hy nie dat hulle inligting moet vermeerder nie, maar impliseer dit *korrekte begrip en konklusie* waartoe hulle moet kom.

Petrus gebruik dus in 1:5 die woord γνώσις in semantiese veld 32. Hierdie semantiese veld 32 hou met die kenmotief verband (vergelyk hoofstuk 1 punt 5) en Petrus bring dus die kenmotief deur die gebruik van die woord γνώσις in 1:5 na vore.

### 2.1.3 ἄργους (1:8)

Uit Louw en Nida (1988ii) is dit duidelik dat die woord ἄργους in vyf verskillende semantiese velde gebruik word, te wete:

- \* Dink (30).
- \* Optree, Doen (42).
- \* Waarde (65).
- \* Waar, Vals (72).
- \* Morele en etiese kwaliteite en verbandhoudende gedrag (88).

Binne hierdie veld word ἄργους gebruik vir die betekenis *om nie behoorlik aan iets aandag te gee nie*. Op 1:8 toegepas, sou dit beteken dat die deugde nie behoorlik aan iets aandag gee nie - 'n betekenis wat binne die konteks van 1:8 hoogs onwaarskynlik is. Dit blyk dat Petrus ἄργους in 1:8 nie in betekenisveld 30 aanwend nie, en dit dus nie gebruik om die kenmotief te dra nie. Veel eerder sou aanvaar kon word dat Petrus ἄργους in veld *Optree, Doen* (42) aanwend met verwysing na *werkeloos*.

Die woord ἄργους in 1:8 dra dus nie die kenmotief nie.

### 2.1.4 Ἐπίγνωσιν (1:8)

Soos in 1:1 en 1:3 is 'n goddelike Persoon in 1:8 die objek van ἐπίγνωσιν. Petrus gee ook geen aanduiding dat hy ἐπίγνωσιν in 1:8 in 'n ander semantiese veld as in 1:1 en 1:3 aanwend nie. Daarom kan aangeneem word dat hy, soos in 1:1 en 1:3, ἐπίγνωσιν in die semantiese veld *Kennis* (28) gebruik.

Die kenmotief kom dus, soos in 1:1 en 1:3 deur die gebruik van die woord ἐπίγνωσιν in 1:8 na vore.

### 2.1.5 Τυφλός (1:9)

Uit Louw en Nida (1988ii:249) is dit duidelik dat die woord τυφλός in twee semantiese velde aangewend word, te wete die semantiese veld *Fisiologiese prosesse en toestande* (24) en *Verstaan* (32). Petrus impliseer beslis nie in 1:9 die fisiologiese toestand van die persone na wie hy verwys nie, maar hulle vermoë om te verstaan. Daar kan dus aanvaar word dat Petrus die woord τυφλός in semantiese veld 32 aanwend en die kenmotief deur die gebruik van dié woord laat figureer (vergelyk hoofstuk 1 punt 5).

### 2.1.6 Μωπάζων (1:9)

Volgens Louw en Nida (1988ii:166) word μωπάζων slegs in een semantiese veld, naamlik die semantiese veld *Verstaan* (31) gebruik. Die woord μωπάζων dra dus die kenmotief (vergelyk hoofstuk 1 punt 5).

### 2.1.7 Λήθην (1:9)

Die woord λήθην (1:9) word alleenlik in die semantiese veld *Geheue en herinner* (29) gebruik (vergelyk Louw & Nida (1988ii:152)). Daar kan dus aanvaar word dat λήθην in 1:9 die kenmotief na vore bring (vergelyk hoofstuk 1 punt 5).

### 2.1.8 Λαβών (1:9)

Λαμβάνω word in die volgende semantiese velde aangewend:

- \* Verbintenis (18).
- \* Sensoriese gebeure en state (24).
- \* Houdings en emosies (25).
- \* Dink (30).
- \* Perspektief hê, Glo, Vertrou (31).
- \* Beheer, Regeer (37).
- \* Aktiwiteite wat beklee en versier behels (49).
- \* Besit, Oordra, Ruil (57).
- \* Aspek (68).
- \* Morele en etiese kwaliteite en verbandhoudende gedrag (88).
- \* Geval (90).

(Louw & Nida, 1988ii:150.)

Indien dit sou blyk dat Petrus λαβών in velde 30 en 31 aanwend, gebruik Petrus λαβών om die kenmotief na vore te bring. Die feit dat Petrus λαβών egter in 'n perifrastiese konstruksie saam met λήθην gebruik, laat blyk dat hy die woord in semantiese veld 18 aanwend vir die betekenis om iets sonder mag te neem (vergelyk Louw & Nida, 1988i:220). Petrus wil deur die woord λαβών duidelik maak dat die persone wat in 1:9 ter sprake is, λήθην geneem het (λαβών).

Die kenmotief kom dus nie in die woord λαβών na vore nie.

### 2.1.9 βεβαίαν (1:10)

Volgens Louw en Nida (1988ii:45) word βέβαιος in drie semantiese velde aangewend te wete binne die velde *Ken* (28); *'n Perspektief hê, Glo, Vetrou* (31) en *Wyse* (71). Van Houweling (1993:40) toon oortuigend aan dat Petrus βεβαίαν gebruik om aan te dui dat die lesers hulle geloof moet bevestig. Hy wys daarop dat "heel het christeljk leven is de vrug van Gods inisiatief om geloof te schenken (zie 1:1, 5)". Daaruit blyk dit die beste te wees om aan te neem dat Petrus in 1:10 βεβαίαν in semantiese veld 28 gebruik. Dit beteken dat die kenmotief ook deur die woord βεβαίαν in 1:10 gedra word (vergelyk hoofstuk 1 punt 5).

### 2.1.10 Ἐκλογήν (1:10)

Die woord ἐκλογή word alleenlik in die semantiese veld *Dink* (30) aangewend (Louw en Nida, 1988ii:78). Hierdie semantiese veld is aan die kenmotief verbind (vergelyk hoofstuk 1 punt 5), en die kenmotief word dus deur die woord ἐκλογήν in 1:10 na vore gebring.

### 2.1.11 Slotsom

Uit bostaande blyk dit dat die volgende woorde in gedagte-eenheid 2 die kenmotief na vore bring:

In gedagte-eenheid 2a:

- \* Πίστει (1:5).
- \* Γνώσιν/γνώσει (1:5, 6).

In gedagte-eenheid 2b:

- \* Ἐπίγνωσιν (1:8).
- \* Τυφλός (1:9).
- \* Μωπάζων (1:9).
- \* Λήθην (1:9).
- \* Βεβαίαν (1:10).
- \* Ἐκλογήν (1:10).

## 2.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 2a (1:5-7), soos gedra deur die woorde πίστει en γνῶσις

Ten einde vas te stel tot watter mate die woorde πίστει (1:5) en γνῶσις (1:5, 6) in gedagte-eenheid 2a die kenmotief dra, word eerstens 'n ondersoek gedoen na die voorkoms van deugdelyste in die Nuwe-Testamentiese tyd. Tweedens word aandag gegee aan die definiëring van die betekenis waarvoor die woorde πίστιν in 1:5 en πίστις in 1:5, 6 gebruik word. Die definiëring van die betekenis waarvoor hierdie woorde gebruik word, word volgens die metode gedoen wat in hoofstuk 1 punt 4.3 uiteengesit is. In die derde plek ontvang die verband tussen πίστιν en γνῶσις met gedagte-eenheid 2a aandag.

### 2.2.1 Die deugdelys in die Nuwe-Testamentiese tyd

Navorsing wat onderneem is deur onder andere Easton (1932:1-12) en Wibbing (1959:80-81; 84-85; 104) bevestig dat Nuwe-Testamentiese skrywers dikwels gebruik gemaak het van deugdelyste. Deugdelyste kom onder andere voor in Romeine 5:3-5, 2 Korintiërs 6:6, 2 Korintiërs 8:7, Galasiërs 5:22, Efesiërs 4:2-3, Filippense 4:8, 1 Timoteus 4:12, 6:11, 2 Timoteus 3:10, 1 Petrus 3:8, Titus 2:2, Openbaring 2:19. Die deugdelys in 2 Petrus verskil egter van ander Nuwe-Testamentiese deugdelyste (met uitsondering van Rm. 5:3-5) deurdat die skrywer 'n aantal deugde by wyse van 'n klimaktiese stylfiguur (ook genoem *sorites*, vergelyk hoofstuk 3 punt 5.2) weergee.

Fischel (1973:119) toon aan dat Stoïsynse en Hellenistiese skrywers gebruik gemaak het van deugdelyste in die *sorites*-vorm. In hierdie deugdelyste was deugde op so wyse aan mekaar verbind dat die een deug uit die ander ontwikkel het sodat daar stapsgewys tot 'n klimaks opgebou is. Deur hierdie deugdelyste het die skrywers 'n memoriseerbare opsomming gegee van wat hulle as 'n goeie lewe beskou het.

Dit is duidelik dat Petrus by hierdie gebruik van Stoïsynse en Hellenistiese skrywers in vers 5-7 aansluit. Fornberg (1977:100) waarsku egter tereg: "This does not mean, however, that the list gives voice to Greek religiosity". Dupont (1949:393-398) toon aan dat daar getuigenis is dat dit 'n gevestigde gebruik by Christelike skrywers was om deugdelyste met πίστις te begin en met ἀγάπη af te sluit. Die ooreenkoms wat die deugdelys in 2 Petrus in hierdie verband toon met 2 Korintiërs 8:7 en 1 Korintiërs 13:13, asook met Ignatius se woorde aan die Efesiërs (Efesiërs 14.1; 1977:188) oortuig dat die deugdelys in 2 Petrus binne die kader van die Nuwe Testament val.

Met die deugdelys in vers 5-7 wil Petrus nie slegs 'n opsomming van 'n "goeie lewe" weergee nie, maar wil hy opsommenderwys die deugde wat karakteristiek is van 'n *Christelike* lewe bekendmaak.

Wanneer in ag geneem word dat Petrus reeds in verse 1-4 aandag gegee het aan 'n besondere leefwyse, te wete 'n leefwyse volgens God se wil (vergelyk hoofstuk 4 punt 3.2.2.2 en hoofstuk 5 punt 1.2.2.1.4 en punt 1.2.2.4.5), word dit duidelik dat Petrus met die deugdelys in 1:5-7 aan die lesers verduidelik wat hierdie lewe volgens God se wil behels. In 'n lewe volgens God se wil kom die deugde wat in 1:5-7 genoem word, voor.

### 2.2.2 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord πίστις in 1:5 aangewend word

Daar is reeds in punt 2.1.1 aangetoon dat πίστει vir dieselfde betekenis as πίστιν in 1:1 gebruik word. Πίστει in 1:1 verwys dus, soos πίστιν in 1:1, na 'n stel geloofswaarhede waaroor daar tot 'n besluit gekom is, en wat aanvaar is. Soos in 1:1 sou die betekenis waarvoor die woord πίστει in 1:5 gebruik word in Afrikaans met *aanvaarde geloofswaarhede* be-teken kon word.

### 2.2.3 Definiëring van die betekenis waarvoor die woord γνῶσιν in 1:5 en γνώσει in 1:6 aangewend word

In punt 2.1.1 is aangetoon dat γνῶσιν/γνώσει in 1:5, 6 in die semantiese veld 'n *Perspektief hê, Glo, Vertrou* (31) aangewend word. Daar word nou verder ondersoek ingestel om die betekenis waarvoor die woord γνῶσις gebruik word, nader te definieer.

#### 2.2.3.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor γνῶσιν/γνώσει in 1:5,6 gebruik word

Binne semantiese veld 32 verstrekk Louw en Nida (1988i:380-388) een en sestig betekenis wat in die volgende vyf subdomeine verdeel word:

- \* Verstaan (A).
- \* Tot begrip kom (B).
- \* Maklik of moeilik om te verstaan (C).
- \* Vermoë om te verstaan (D).
- \* Gebrek aan vermoë om te verstaan (E).

Γνῶσις word slegs in subdomein B aangewend en wel vir die betekenis om tot begrip te kom as gevolg van die vermoë om te ervaar en te leer (Louw & Nida, 1988i:382).

### 2.2.3.2 Die semantiese veld waarbinne $\gamma\nu\hat{\omega}\sigma\iota\nu/\gamma\nu\hat{\omega}\sigma\epsilon\iota$ in 1:5 en 1:6 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Wanneer semantiese veld 32 met die omliggende semantiese velde gekontrasteer word, blyk dit dat al vyf die voorafgaande velde betrekking het op inligting. Veld 27 het hoofsaaklik betrekking op die verkryging van inligting, veld 28 op die besit van inligting, veld 29 op die berg en herroep van inligting, veld 30 op die manipulasie van inligting en veld 31 op die besluit en keuse oor die inligting. Veld 32 het ook, soos die voorafgaande velde, betrekking op inligting, maar die unieke deel van die werklikheid wat deur die semantiese veld omvat word, is dat dit verwys na die proses waardeur inligting gebruik word om tot 'n korrekte begrip of evaluasie te kom.

$\Gamma\nu\hat{\omega}\sigma\iota\varsigma$  in 1:5 en 1:6 hou dus verband met die verwerkingsproses van inligting waardeur tot die korrekte begrip of evaluasie gekom kan word.

### 2.2.3.3 Die subdomein waarbinne $\gamma\nu\hat{\omega}\sigma\iota\varsigma$ in 1:5 en 1:6 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende subdomeine

Hoewel subdomein B, soos ander subdomeine in die semantiese veld *Verstaan*, die vermoë om te verstaan impliseer, val die klem in subdomein B op die proses waardeur iemand tot die verstaan van iets kom.

Dit blyk dat  $\gamma\nu\hat{\omega}\sigma\iota\nu/\gamma\nu\hat{\omega}\sigma\epsilon\iota$  in 1:5 en 1:6 na die proses verwys waardeur iemand tot die verstaan van iets kom.

### 2.2.3.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne $\gamma\nu\hat{\omega}\sigma\iota\nu/\gamma\nu\hat{\omega}\sigma\epsilon\iota$ in 1:5 en 1:6 gebruik word

Die kontrastering van die betekenis waarvoor  $\gamma\nu\hat{\omega}\sigma\iota\nu/\gamma\nu\hat{\omega}\sigma\epsilon\iota$  in 1:5 en 1:6 gebruik word (32.16), met die ander betekenis (32.11-32.15 en 32.17-32.18) in dieselfde subdomein, toon die volgende:

- \* Betekenis 32.16 handel saam met betekenis 32.11, 32.13, 32.14, 32.15 oor 'n besondere wyse van "tot begrip kom".
- \* Die betekenis-komponent waarin betekenis 32.16 van die betekenis 32.11, 32.13, 32.14, 32.15 verskil, is dat 32.16 verband hou met die vermoë om te leer en te ervaar. By  $\gamma\nu\hat{\omega}\sigma\iota\varsigma$  impliseer "begryp" die resultaat van die vermoë om te ervaar en te leer.
- \* Die betekenis waarvoor  $\gamma\nu\hat{\omega}\sigma\iota\varsigma$  gebruik word, laat, anders as betekenis 32.17, nie die klem val op die proses van "tot begrip kom" nie en verwys ook nie soos 32.17 na iets wat voorheen nie begryp was nie.

- \* Γνωσις handel ook nie noodwendig, soos betekenis 32.12, 32.13, 32.15 en 32.17, oor 'n besondere soort begrip nie.

### 2.2.3.5 Die betekenis waarvoor die woord γνωσις in 1:5 en 1:6 gebruik word

Uit bostaande bespreking is dit duidelik dat die woord γνωσις in 1:5 en 6 verband hou met die proses om tot begrip te kom, en dat hierdie begrip die resultaat is van die vermoë om te leer en te ervaar. Dié woord verwys in 2 Petrus na die evaluering van die valse leraars in ooreenstemming met dit wat Petrus in sy brief aan die lesers nalaat.

Die betekenis waarvoor γνωσις in 1:5 en 1:6 gebruik word, sou in Afrikaans met *begripsvermoë* be-teken kon word.

### 2.2.4 Die verband van πίστει (1:5) en γνωσιν/γνώσει (1:5,6) met gedagte-eenheid 2

#### 2.2.4.1 Πίστει as 'n gawe

Dit is opmerklik dat daar nie in die deugdelys van die lesers verlang word om die aanvaarde geloofswaarhede as deug by te voeg nie, terwyl die lesers wel aangemoedig word om die ander deugde by te voeg. Dat Petrus veronderstel dat die lesers reeds oor die aanvaarde geloofswaarhede beskik, blyk reeds duidelik uit die aanhef van die brief (1:1), waar hy sy lesers bekendstel as mense wat reeds die aanvaarde geloofswaarhede besit. Hulle het die geloofswaarhede deur goddelike guns en keuse bekom (vergelyk hoofstuk 4 punt 3.2.2.1). Waar Petrus weer in die deugdelys (1:5) na die aanvaarde geloofswaarhede van sy lesers verwys, is sy bedoeling steeds dat hulle die geloofswaarhede deur goddelike begenadiging bekom het.

#### 2.2.4.2 Byvoeging van deugde by πίστει

Terwyl dit duidelik is dat die aanvaarde geloofswaarhede 'n deug is waaroor die lesers reeds beskik, blyk dit dat Petrus van sy lesers verwag om nie met die besit van die geloofswaarhede te volstaan nie. Hy maak dit duidelik dat die besit van die geloofswaarhede tot verdere aktiwiteit moet lei. Petrus sê die lesers moet iets addisioneel voorsien by dit wat reeds bestaan<sup>4</sup>. Hulle moet ander deugde by die aanvaarde geloofswaarhede byvoeg. Geloof is die

<sup>4</sup> Vergelyk die betekenis waarvoor die woord ἐπιχορηγήσατε volgens Louw en Nida (1988i:603) gebruik word.

gronddeug waarop die lesers beskik (Schlatter, 1964:101-102) en waarby hulle ander deugde moet byvoeg.

Deur die gebruik van die voorsetsel ἐν saam met die datief τῆ πίστει, dui Petrus aan dat die ander deugde nie bloot by die aanvaarde geloofswaarhede bygevoeg moet word nie. Hiebert (1984i:45) maak Petrus se gebruik van ἐν saam met die datief duidelik wanneer hy sê:

"... each new trait is introduced as being 'in' (ἐν) or 'in connection with' the preceding. Each is inherent in the preceding, which in turn is supplemented and perfected by the new".

Dit blyk dus dat Petrus die deugde beskou as 'n integrale deel van mekaar en in besonder as deel van die gronddeug van die aanvaarde geloofswaarhede. Dit is nie moontlik dat iemand slegs die geloofswaarhede kan hê sonder dat die ander deugde daarvan deel word nie. Wanneer die geloofswaarhede ontvang is, roep dit as 't ware na byvoeging van die ander onderskeie deugde.

In 1:5-7 is nog 'n verdere aanduiding van die verhouding tussen die aanvaarde geloofswaarhede en die ander deugde. Verskeie skrywers (onder andere Bauckham, 1983:185 en Grundmann, 1974:72) wys daarop dat daar nie 'n logiese verband is tussen die deugde soos dit in die lys op mekaar volg nie. Die skrywer wil dus nie, soos die Stoïsyne (Wibbing, 1959:19), in die deugdelys 'n trapleer aantoon waarvolgens die mens van die laer deugde na die hoër deugde vorder nie. Die feit dat die deugde nie logies met mekaar verband hou nie, wys daarop dat die skrywer met die sewe deugde wat na πίστιν volg, verskillende aspekte van 'n lewe volgens God se wil weergee. Hierdie deugde dien as opsomming van 'n lewe volgens God se wil.

Uit bostaande word dit duidelik dat Petrus aan sy lesers uitwys dat die besit van die geloofswaarhede wat hulle ontvang het, die gronddeug is. Hierdie gronddeug moet egter daartoe lei dat verskillende ander deugde bygevoeg word. Die deugde wat Petrus in die deugdelys noem, dien as opsomming van 'n lewe volgens God se wil.

#### 2.2.4.3 Γνωσις as een van die deugde in die deugdelys

Daar is in punt 2.2.1 aangetoon dat die skrywer in die deugdelys 'n opsomming gee van deugde en dus nie poog om alle moontlike deugde weer te gee nie. Die vraag is egter waarom hy dit juis belangrik vind dat hierdie sewe deugde by die aanvaarde geloofswaarhede gevoeg moet word, en meer spesifiek, waarom γνωσις, waarin die kenmotief na vore kom, bygevoeg moet word.

Saam met Greijdanus (1929:249, 251) kan aanvaar word dat die skrywer, in die saamstel van die deugdelys, rekening gehou het met die omstandighede van die geadresseerdes. Hulle het



met valse leraars te kampe, wat die leer van die apostels verdraai. Hierdie omstandighede verg dat die lesers nie net oor geloofswaarhede (πίστις) moet beskik nie maar die geloofswaarhede ook met die nodige *begripsvermoë* sal hanteer (vergelyk punt 2.2.3.5). Alleen as die lesers oor begripsvermoë beskik, sal hulle die valse leraars met hulle valse leringe (3:1) kan teëstaan.

### 2.3 Die verband tussen die deugdelys en die historiese gedeelte van die opsomming van die apostel se leer

Die frase καὶ αὐτο τοῦτο δέ maak dit duidelik dat die deugdelys in 1:5-7 baie nou aansluit by dit wat voorafgaande gestel word. Bauckham (1983:184) aanvaar dat die skrywer met hierdie frase na die hele 1:3-4 verwys. Die feit dat Petrus egter eers in 1:4b oor die *lesers* begin handel (vergelyk punt 1.2.2.4.3), en hy in 1:5-7 die *lesers* aanspoor, toon dat Petrus met die frase καὶ αὐτο τοῦτο δέ eerder na 1:4b verwys: ἵνα διὰ τούτων γένησθε θείας κοινωνοὶ φύσεως ἀποφυγόντες τῆς ἐν τῷ κόσμῳ ἐν ἐπιθυμίᾳ φθορᾶς.

Die bywoordelike akkusatief αὐτο τοῦτο wat Petrus in 1:5 gebruik, is betekenismatig gelyk aan δι' αὐτὸ τοῦτο (Grijdanus, 1929:248) en kan vertaal word met "en juis daarom".

Daar kan uit die gebruik van die frase καὶ αὐτο τοῦτο δέ afgelei word dat Petrus die verbondsverhouding waarin die lesers tot God te staan gekom het (vergelyk punt 1.2.2.4.4), as die begroning laat dien vir die aanmoediging wat hy in 1:5-7 tot die lesers rig. Juis omdat die lesers in 'n verbondsverhouding met God staan, rus die verantwoordelikheid op hulle om te doen wat in 1:5-7 van hulle verlang word.

Dit is belangrik om daarop te let dat die deugdelys in 1:5-7 deur die frase καὶ αὐτο τοῦτο δέ geskakel word aan die frase ἀποφυγόντες τῆς ἐν τῷ κόσμῳ ἐν ἐπιθυμίᾳ φθορᾶς in 1:4. Die feit dat die lesers reeds begin het om die morele verderf te ontvlug (vergelyk punt 1.2.2.4.5) dien ook as begroning vir die aanmoediging om die deugde in 1:5-7 by te voeg. Die lesers moet dus nie ophou om die morele verdorwenheid te ontvlug nie, maar moet daarop voortbou deur by hulle geloof die deugde toe te voeg (Von Speyr, 1961:419).

### 2.4 Die kenmotief in gedagte-eenheid 2b (1:8-10) soos gedra deur die woorde ἐπίγνωσιν, τυφλός, μυωπάζων, λήθην, βεβαίαν en ἐκλογὴν

Ten einde vas te stel tot watter mate die woorde ἐπίγνωσιν (1:8), τυφλός (1:9), μυωπάζων (1:9), λήθην (1:9), βεβαίαν (1:10) en ἐκλογὴν (1:10) die kenmotief in gedagte-eenheid 2b dra, word die betekenis waarvoor hierdie woorde gebruik word, eerstens gedefinieer. In die

definiëring van hierdie betekenis word die metode wat in hoofstuk 1 punt 4.3 uiteengesit is, gebruik.

Nadat die betekenis waarvoor bostaande woorde gebruik word, gedefinieer is, geniet die verband tussen hierdie woorde en gedagte-eenheid 2b aandag.

#### **2.4.1 'n Definiëring van die betekenis waarvoor die woord ἐπίγνωσιν in 1:8 aangewend word**

In aansluiting by punt 2.1.4 kan aanvaar word dat Petrus ἐπίγνωσιν in 1:8 in dieselfde semantiese veld en ook in dieselfde betekenis as ἐπιγνώσει in 1:2 en ἐπιγώσεως in 1:3 gebruik. Hy gee immers geen aanduiding dat hy ἐπίγνωσιν in 1:8 vir 'n ander betekenis gebruik nie.

Petrus gebruik dus ἐπίγνωσιν in 1:8 om 'n diepgaande kennis wat in 'n persoonlike verhouding tot uiting kom, aan te dui.

#### **2.4.2 'n Definiëring van die betekenis waarvoor die woord τυφλός in 1:9 aangewend word**

##### **2.4.2.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor τυφλός in 1:9 gebruik word**

In punt 2.1.5 is aangetoon dat τυφλός in 1:9 in die semantiese veld *Verstaan* (32) funksioneer. Τυφλός word slegs in een van die vyf subdomeine (vergelyk punt 2.2.3.1 waar die vyf subdomeine vermeld word) in die semantiese veld 32 gebruik, naamlik die subdomein *Gebrek aan vermoë om te verstaan* (E). Τυφλός verwys in dié subdomein na die betekenis *om nie die vermoë te hê om te verstaan nie* ((32.42) Louw & Nida, 1988i:385).

##### **2.4.2.2 Die semantiese veld waarbinne τυφλός in 1:9 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde**

In punt 2.2.3.2 is semantiese veld 32 in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde geplaas. Dit het geblyk dat die besondere van semantiese veld 32 daarin geleë is dat dit verband hou met die proses waardeur inligting gebruik word om tot 'n korrekte begrip of evaluering te kom.

Τυφλός in 1:9 hou dus verband met die proses waardeur inligting gebruik word om tot die regte begrip of evaluering te kom.

#### 2.4.2.3 Die subdomein waarbinne τυφλός in 1:9 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

In die subdomeine *Verstaan* (A), *Tot begrip kom* (B) en *Maklik of moeilik om te verstaan* (C) val die klem op die begrip of evaluering van inligting. Die subdomeine *Vermoë om te verstaan* (D) en *Gebrek aan die vermoë om te verstaan* (E) laat egter die klem val op die *vermoë om te verstaan*. In onderskeiding van subdomein D handel subdomein E, waarbinne τυφλός in 1:9 aangewend word, oor die onvermoë om te verstaan.

Wanneer die subdomein waarbinne τυφλός gebruik word, met die omliggende subdomeine gekontrasteer word, blyk dit dat die onvermoë om tot die regte evaluering te kom, sentraal staan in die betekenis waarvoor τυφλός gebruik word.

#### 2.4.2.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne τυφλός in 1:9 gebruik word

Die betekenis *om nie die vermoë te hê om te verstaan nie* (32.42), waarvoor τυφλός gebruik word, is in vergelyking met die ander betekenis in subdomein E, 'n meer algemene betekenis. Anders as die ander betekenis in die subdomein *Gebrek aan vermoë om te verstaan* (E) word die betekeniscomponent *vermoë of onvermoë om te verstaan* in betekenis 32.42-32.45, 32.48 beklemtoon. Betekenis 32.42 lê - anders as hierdie betekenis - die klem daarop dat iemand glad nie die vermoë het om te verstaan nie.

#### 2.4.2.5 Die betekenis waarvoor die woord τυφλός in 1:9 gebruik word

Uit die voorgaande studie blyk dit dat τυφλός in 1:9 verband hou met die evaluering van inligting en dié woord laat die klem val op die totale onvermoë om te verstaan.

#### 2.4.3 'n Definiëring van die betekenis waarvoor die woord μωπάζων in 1:9 aangewend word

##### 2.4.3.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor μωπάζων in 1:9 gebruik word

Soos in punt 2.1.6 aangedui, word die woord μωπάζω slegs in die semantiese veld *Verstaan* (32) gebruik. In semantiese veld 32 word dit in slegs een subdomein gebruik, te wete *Gebrek aan die vermoë om te verstaan* (E). In subdomein E word dit gebruik vir die betekenis *om uitsonderlik beperk te wees in jou vermoë om te verstaan* (32.48) (Louw en Nida, 1988i:386).

#### 2.4.3.2 Die semantiese veld waarbinne $\mu\upsilon\omega\pi\acute{\alpha}\zeta\omega\nu$ in 1:9 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

In punt 2.2.3.2 is die semantiese veld waarbinne  $\mu\upsilon\omega\pi\acute{\alpha}\zeta\omega\nu$  aangewend word, te wete veld *Verstaan* (32) reeds in die geheelkonteks van omliggende velde geplaas. Uit die kontrastering met ander semantiese velde was dit duidelik dat semantiese veld 32 verband hou met die proses waardeur inligting gebruik word om tot 'n korrekte begrip of evaluering te kom.

Dit blyk dus dat  $\mu\upsilon\omega\pi\acute{\alpha}\zeta\omega\nu$  in 1:9 verbandhoudend is met die proses waardeur inligting gebruik word om tot die korrekte evaluering of begrip te kom.

#### 2.4.3.3 Die subdomein waarbinne $\mu\upsilon\omega\pi\acute{\alpha}\zeta\omega\nu$ in 1:9 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Die subdomein *Gebrek aan die vermoë om te verstaan* (E), waarin  $\mu\upsilon\omega\pi\acute{\alpha}\zeta\omega\nu$  aangewend word, is alreeds in punt 2.4.2.3 met die ander subdomeine in die semantiese veld *Verstaan* (32) gekontrasteer.

Dit het geblyk dat die klem in die subdomeine *Verstaan* (A), *Tot begrip kom* (B) en *Maklik of moeilik om te verstaan* (C) op die begrip of evaluering val, terwyl die klem in die subdomeine *Vermoë om te verstaan* (D) en *Gebrek aan die vermoë om te verstaan* (E) val op die vermoë of onvermoë om te verstaan.

Dit is ook uit punt 2.4.2.3 duidelik dat subdomein E, anders as subdomein F nie handel oor die vermoë om te dink nie, maar oor die gebrek aan vermoë om te dink.

Die kontrastering van die subdomein E (waarin  $\mu\upsilon\omega\pi\acute{\alpha}\zeta\omega\nu$  aangewend word) met omliggende subdomeine, toon dus dat die betekenis waarvoor  $\mu\upsilon\omega\pi\acute{\alpha}\zeta\omega\nu$  gebruik word, met die onvermoë om tot die regte begrip of evaluering te kom, verband hou.

#### 2.4.3.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne $\mu\upsilon\omega\pi\acute{\alpha}\zeta\omega\nu$ in 1:9 gebruik word

Betekenis 32.48, waarvoor  $\mu\upsilon\omega\pi\acute{\alpha}\zeta\omega\nu$  gebruik word, lê, soos betekenis 32.46, 32.47 en 32.50-32.61 nie klem op die vermoë om te verstaan of nie te verstaan nie. Anders as hierdie betekenis, fokus betekenis 32.48 op 'n toestand, naamlik 'n ernstige gebrek om te verstaan.

#### 2.4.3.5 Die betekenis waarvoor die woord $\mu\upsilon\omega\pi\acute{\alpha}\zeta\omega\nu$ in 1:9 gebruik word

Daar kan uit voorgaande studie afgelei word dat  $\mu\omega\pi\acute{\alpha}\zeta\omega\nu$  in 1:9 dui op die uitsonderlike gebrek aan vermoë om inligting te gebruik om tot die korrekte begrip of evaluering te kom.

#### 2.4.4 'n Definiëring van die betekenis waarvoor die woord $\lambda\acute{\eta}\theta\eta\nu$ in 1:9 aangewend word

##### 2.4.4.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor $\lambda\acute{\eta}\theta\eta\nu$ in 1:9 gebruik word

Daar is reeds in punt 2.1.7 aanvaar dat  $\lambda\acute{\eta}\theta\eta\nu$  in 1:9 in die semantiese veld *Geheue en herinner* (29) gebruik word. Louw en Nida (1988i:348) toon aan dat die woord  $\lambda\acute{\eta}\theta\eta$  slegs in een subdomein, te wete die subdomein *Om nie te onthou nie, Vergeet* (C) gebruik word. In hierdie subdomein word  $\lambda\acute{\eta}\theta\eta\nu$  aangewend vir die betekenis *om nie inligting op te roep nie en daarom die betekenis daarvan uit die oog te verloor*.

##### 2.4.4.2 Die semantiese veld waarbinne $\lambda\acute{\eta}\theta\eta\nu$ in 1:9 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Wanneer die semantiese veld waarbinne  $\lambda\acute{\eta}\theta\eta\nu$  in 1:9 aangewend word, te wete die semantiese veld *Geheue en herinner* (29), in die geheelkonteks van ander omliggende semantiese velde geplaas word, blyk dit dat, in kontras met ander velde, semantiese veld 29 die klem laat val op die berging en oproep van inligting uit die geheue.

Dit blyk dus dat die betekenis waarvoor die woord  $\lambda\acute{\eta}\theta\eta\nu$  in 1:9 gebruik word, met die berging en terugroep van inligting te doen het.

##### 2.4.4.3 Die subdomein waarbinne $\lambda\acute{\eta}\theta\eta\nu$ in 1:9 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Uit Louw en Nida (1988i:346) is dit duidelik dat die semantiese veld *Geheue en herinner* (29) in vier subdomeine verdeel kan word, te wete:

- \* Die berging van inligting (A).
- \* Oproep uit die geheue (B).
- \* Nie onthou, Vergeet (C).
- \* Herroep en reageer met die gepaste reaksie (D).

Soos in punt 2.4.4.1 aangetoon, word  $\lambda\acute{\eta}\theta\eta\nu$  binne subdomein C aangewend. Wanneer subdomein C met die ander subdomeine in semantiese veld 29 gekontrasteer word, is dit duidelik dat subdomein C die teenstelling vorm van subdomein B. Terwyl subdomein B

handel oor die vermoë om inligting uit die geheue op te roep, handel subdomein C oor die onvermoë om inligting uit die geheue op te roep.

Die plasing van subdomein C in die geheelkonteks van omliggende subdomeine toon dus dat die betekenis waarvoor die woord  $\lambda\eta\theta\eta\nu$  gebruik word, die onvermoë om inligting uit die geheue te herroep, insluit.

#### **2.4.4.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne $\lambda\eta\theta\eta\nu$ in 1:9 gebruik word**

Binne subdomein C word saam met die betekenis waarvoor  $\lambda\eta\theta\eta\nu$  gebruik word (29.13), nog twee ander betekenis (29.14-29.15) aangetref (Louw & Nida, 1988i:348). Wanneer hierdie betekenis met mekaar gekontrasteer word, blyk dit dat betekenis 29.13 die klem laat val op die gevolge van die feit dat inligting nie uit die geheue herroep word nie. Betekenis 29.13 handel nie oor spesifieke inligting wat vergeet word, soos betekenis 29.14 nie en wys ook nie daarop dat geheel en al vergeet is, soos betekenis 29.15 impliseer nie.

#### **2.4.4.5 Die betekenis waarvoor die woord $\lambda\eta\theta\eta\nu$ in 1:9 gebruik word**

Uit die voorgaande studie kan ten opsigte van die woord  $\lambda\eta\theta\eta\nu$  afgelei word dat  $\lambda\eta\theta\eta\nu$  in 1:9 verband hou met die onvermoë om inligting uit die geheue te herroep. In aansluiting by hierdie aspek word die klem geplaas op die gevolge wanneer die inligting nie herroep word nie, te wete dat die betekenis daarvan uit die oog verloor word.

Die betekenis waarvoor die woord gebruik word, kan in Afrikaans met "uit die oog verloor" of "vergeet" aangedui word.

#### **2.4.5 'n Definiëring van die betekenis waarvoor die woord $\beta\epsilon\beta\alpha\acute{\iota}\alpha\nu$ in 1:10 aangewend word**

##### **2.4.5.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor $\beta\epsilon\beta\alpha\acute{\iota}\alpha\nu$ in 1:10 gebruik word**

In punt 2.1.9 is aangeneem dat  $\beta\epsilon\beta\alpha\acute{\iota}\alpha\nu$  in 1:10 in die semantiese veld *Ken* (28) aangewend word. Louw en Nida (1988i:340) toon aan dat  $\beta\epsilon\beta\alpha\acute{\iota}\omega$  slegs in een subdomein in semantiese veld 28 aangewend word, te wete in die subdomein *Goed bekend, Duidelik aangedui, Geopenbaar* (C). Wanneer die woord in hierdie subdomein aangewend word, verwys dit na *dit wat met sekerheid geweet word* (Louw & Nida, 1988i:340).

#### 2.4.5.2 Die semantiese veld waarbinne βεβαίαν in 1:10 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

In hoofstuk 4 punt 5.2.1.2 is die semantiese veld *Ken* (28) reeds in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde geplaas. Daaruit is dit duidelik dat die kontrastering van semantiese veld 28 met die omliggende semantiese velde 'n aanduiding gee dat βεβαίαν, wanneer dit in semantiese veld 28 gebruik word, veronderstel dat inligting reeds verkry is.

#### 2.4.5.3 Die subdomein waarbinne βεβαίαν in 1:10 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

Semantiese veld 28 kan, soos in hoofstuk 4 punt 5.2.1.3 aangetoon is, in vyf subdomeine verdeel word, naamlik:

- \* Ken (A).
- \* Bekend (B).
- \* Goed bekend, Duidelik aangedui, Geopenbaar (C).
- \* Kenbaar (D).
- \* Onkenbaar (E).

Wanneer hierdie subdomeine met mekaar gekontrasteer word, bied dit geen tersaaklike inligting wat kan help om die betekenis waarvoor βεβαίαν in 1:10 gebruik word, te presiseer nie.

#### 2.4.5.4 Kontrastering van die verskillende betekenis binne die subdomein waarbinne βεβαίαν in 1:10 gebruik word

Wanneer betekenis 28.43 waarvoor βεβαίαν gebruik word, met ander betekenis binne die subdomein C gekontrasteer word, is dit duidelik dat daar in betekenis 28.43 nie klem geplaas word op die betekenis-komponent *goed bekend of nie goed bekend* nie, soos wel die geval is in betekenis 28.28-28.35. In betekenis 28.43 word die komponent *openbaar* ook nie, soos in betekenis 28.36-42, beklemtoon nie. In kontras met betekenis 28.44-28.56 kom die betekenis-komponent *sekerheid* in betekenis 28.43 na vore. Die woord βεβαίος verwys na dit wat met sekerheid bekend is; dit wat dus geverifieer is.

#### 2.4.5.5 Die betekenis waarvoor die woord βεβαίαν in 1:10 gebruik word

Daar kan op grond van die voorgaande studie afgelei word dat die betekenis waarvoor die woord βεβαίαν in 1:9 gebruik word, veronderstel dat inligting reeds verkry is. Die woord verwys na dit wat met sekerheid bekend is; dit wat geverifieer is.

## 2.4.6 'n Definiëring van die betekenis waarvoor die woord ἐκλογήν in 1:10 aangewend word

### 2.4.6.1 Die subdomein waarbinne, en die (voorlopige) betekenis waarvoor ἐκλογήν in 1:10 gebruik word

Soos in punt 2.1.10 aangetoon is, word ἐκλογήν in 1:10 in die semantiese veld *Dink* (30) gebruik. Louw en Nida (1988i:361-362) toon aan dat ἐκλογή in semantiese veld 30 in slegs een subdomein aangewend word, naamlik die subdomein *Om te kies, Om uit te soek, Om voorkeur te hê vir* (F). In subdomein F word die woord vir die volgende twee betekenisse aangewend:

- \* Om 'n besondere keuse te maak wat op betekenisvolle voorkeur berus en wat dikwels 'n sterk toegeneë houding teenoor die persoon of iets wat gekies word, impliseer (30.92).
- \* Dit wat gekies is (30.93).

Dit is uit die konteks duidelik dat Petrus in 1:10 nie handel oor iets of iemand wat 'n keuse moet maak nie, maar oor 'n keuse wat gemaak is. Daar kan aanvaar word dat ἐκλογήν in 1:10 vir betekenis 30.93 aangewend word.

### 2.4.6.2 Die semantiese veld waarbinne ἐκλογήν in 1:10 gebruik word in die geheelkonteks van omliggende semantiese velde

Die semantiese veld *Dink* (30) is nou verbind met die semantiese veld *Ken* (28) en kan as opvolgend op semantiese veld 28 beskou word. Terwyl veld 28 oor die besit van inligting handel, behels veld 30 die beheer en verwerking van inligting - 'n handeling wat dikwels tot 'n besluit en keuse lei.

Daar kan dus verwag word dat ἐκλογήν in 1:10, wat in veld 30 aangewend word, die besit van inligting behels.

### 2.4.6.3 Die subdomein waarbinne ἐκλογήν in 1:10 gebruik word in die geheelkonteks van die omliggende subdomeine

In die semantiese veld *Dink* (30) kom die volgende sewe subdomeine voor (Louw & Nida, 1988i:349):

- \* Om te dink, Gedagte (A).
- \* Om oor iets te dink met die bedoeling dat gepas gereageer word (B).
- \* Om oor toekomstige gebeure te dink (C).



- \* Om van voorneme te wees, Om 'n doelstelling te hê. Om te beplan (D).
- \* Om te besluit, Om tot 'n gevolgtrekking te kom (E).
- \* Om te kies, Om uit te seek, Om voorkeur te hê vir (F).
- \* Om te onderskei, Om te evalueer, Om te oordeel (G).

Wanneer subdomein F, waarbinne Petrus ἐκλογήν in 1:10 gebruik, met die ander subdomeine gekontrasteer word, is dit duidelik dat die betekenis binne hierdie subdomein betrekking het op 'n spesifieke wyse waarop inligting verwerk en beheer word. Sub-domein A het betrekking op die beheer en verwerking van inligting in die algemeen. In subdomein B het die verwerking en beheer van inligting op die gepaste reaksie betrekking, in subdomein C op toekomstige gebeure en in subdomein D op voorneme en beplanning. In subdomein E hou die verwerking en beheer van inligting verband met die handeling van besluitneming en tot 'n gevolgtrekking kom en in subdomein H hou dit verband met onderskei en beoordeel. Die unieke aspek binne semantiese veld 30 wat deur subdomein F gedek word, blyk te wees dat die klem in die betekenis binne dié subdomein daarop val dat 'n keuse gemaak word. Inligting word dus so verwerk en beheer, dat 'n keuse gemaak word.

Dit is dus duidelik uit die kontrastering van subdomein F met die omliggende subdomeine dat ἐκλογήν in 1:10 verband hou met die beheer en verwerking van inligting. Hierdie verwerking en beheer van inligting hou verband met die proses om tot 'n keuse te kom.

#### **2.4.6.4 Kontrastering van die verskillende betekenis in die subdomein waarbinne ἐκλογήν in 1:10 gebruik word**

In subdomein E, waarbinne ἐκλογήν gebruik word, kom twee en twintig betekenis voor (Louw & Nida, 1988i:363-365). In betekenis 30.92, waarvoor ἐκλογήν in 1:10 gebruik word, word die basis vir die keuse nie gestel in die voorwerp of persoon wat gekies word, soos in betekenis 30.95-30.99 nie. Die klem val in betekenis 30.92, anders as by al die ander betekenis in dié subdomein op die feit dat die een wat die keuse maak, 'n besondere voorkeur het vir die een of iets wat gekies word. Die besondere voorkeur behels dikwels 'n gunstige houding teenoor die persoon of iets wat gekies word.

#### **2.4.6.5 Die betekenis waarvoor die woord ἐκλογήν in 1:10 gebruik word**

Daar kan uit voorgaande studie afgelei word dat ἐκλογήν in 1:10 die besit van inligting impliseer. Ἐκλογήν in 1:10 veronderstel dat 'n keuse of gevolgtrekking gemaak is. Deur die woord ἐκλογήν in 1:10 word beklemtoon dat die persoon wat die keuse gemaak het, 'n besondere voorkeur het vir die persoon of objek wat gekies word, en dat hierdie voorkeur

moontlik 'n gunstige houding impliseer. Hierdie voorkeur en houding is egter nie gefundeer op enige eienskappe wat die voorwerp of persoon wat gekies word, mag besit nie.

Wanneer die konteks waarbinne ἐκλογήν in 1:10 gebruik word, in ag geneem word, is dit duidelik dat die persoon wie se keuse ter sprake is, God is. Van Houweling (1993:39-40) en Hiebert (1989:59) wys daarop dat ἐκλογήν en κλήσιν in 1:10 'n grammatikale eenheid vorm. In die lig daarvan dat dit duidelik is dat κλήσιν 'n daad van God is, behoort aanvaar te word dat ook ἐκλογήν 'n daad van God is.

In die lig daarvan dat God se verkiesing ter sprake is, kan aangeneem word dat ἐκλογήν in 1:9 na God se ewige verkiesing verwys (vergelyk Ef. 1:4). Op die vraag hoekom Petrus roeping eerste noem terwyl verkiesing logies eerste kom (vergelyk Rm. 8:30), antwoord Hiebert (1989:59) oortuigend "... only after we respond to His call can we begin to understand His pretemporal election (Eph. 1:4). Our election becomes a certainty to us only after we have experienced His transforming call (cf. 2 Thess. 2:13-14)".

#### 2.4.7 Die verband van ἐπίγνωσιν, τυφλός, μυωπάζων, λήθην, βεβαίαν en ἐκλογήν met gedagte-eenheid 2b

Dit is duidelik dat die diepgaande kennis in 1:9 verband hou met die deugde wat in 1:5-7 vermeld word. Hierdie verband word eerstens bestudeer. Daarna word aandag gegee aan die verband van ἐπίγνωσιν (1:8), τυφλός (1:9), μυωπάζων (1:9), λήθην (1:9), βεβαίαν (1:10) en ἐκλογήν (1:10) met gedagte-eenheid 2b.

##### 2.4.7.1 Ἐπίγνωσιν en die motivering om eties korrek te lewe

Soos in punt 2.4.7 (vergelyk die voetnoot) gestel, verwys Petrus met ταῦτα in 1:8 na die deugde wat in 1:5-7 vermeld is en is dit duidelik dat hy 'n verband lê tussen die deugde en die diepgaande kennis wat in 1:8 ter sprake gebring word.

Kommentatore verskil of Petrus met die frase εἰς τὴν τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ ἐπίγνωσιν na die doel of na die vrug van die deugde verwys. Bauckham (1983:188-189), Bigg (1969:259), Mounce (1982:110) en Picirilli (1963:81-82) is oortuig dat Petrus ἐπίγνωσιν as die bron waaruit die deugde voortkom, stel. Om hierdie interpretasie te handhaaf, moet die voorsetsel eis vertaal word as "ten opsigte van". Daarteenoor stel Schelkle (1988:191), Schwanck *et al.* (1978:141), Grundmann (1974:74) Hiebert (1989:56) en Van Houweling (1993:38) dat Petrus ἐπίγνωσιν die doel of die produk maak van die deugde. Die voorsetsel εἰς wys, volgens hierdie interpretasie, rigting aan.

Hoewel albei interpretasies moontlik is, blyk dit beter te wees om laasgenoemde te aanvaar. Soos Van Houweling (1988:116) tereg opmerk: "Na de twee predikatief gebruikte adjektieven werkeloos en vruchteloos moet de konstruksie εἰς... ἐπίγνωσιν wel een bepaalde richting aangeven". Petrus stel die diepgaande kennis in 1:8-9 dus as doel van die deugde wat in 1:5-7 vermeld word.

Deur middel van litotes maak Petrus dit duidelik *wat* die doel van die deugde is. Hy ontken dat die deugde die lesers werkeloos<sup>5</sup> en sonder vrugte<sup>6</sup> met betrekking tot die kennis van Jesus Christus sal laat. Deur hierdie litotes beklemtoon Petrus dat die resultate van die deugde verseker is. Die deugde *sál* die lesers ywerig maak met betrekking tot die kennis van Jesus Christus en *sál* vir die lesers vrugte dra met betrekking tot die kennis van Jesus Christus.

Dit blyk uit bogaande dat die deugde 'n tweeledige resultaat verseker. Enersyds verseker dit die lesers van ywer: die lesers sal ywerig die diepgaande kennis van Jesus Christus najaag. Andersyds verseker die deugde die lesers daarvan dat hulle die vrugte van die diepgaande kennis sal ontvang: hulle sal die diepgaande kennis belewe.

Petrus stel egter deur middel van twee deelwoorde twee voorwaardes om bogenoemde doelstelling te bereik. Dit blyk dat Petrus die twee deelwoorde ὑπάρχοντα en πλεονάζοντα in 1:8 sintakties as voorwaardelike bepaling gebruik. Die deugde sal die lesers ywerig maak en vrugte dra as die deugde teenwoordig (ὑπάρχοντα) is en vermeerder (πλεονάζοντα). Met die woord ὑπάρχοντα maak Petrus nie net duidelik dat die deugde aanwesig moet wees nie, maar druk hy dit die lesers op die hart dat hulle die deugde hulle eie moet maak<sup>7</sup>. Deur die woord πλεονάζοντα beklemtoon Petrus dat die deugde in oorvloed teenwoordig moet wees<sup>8</sup>. Dit blyk dus dat Petrus die lesers motiveer om die deugde wat in 1:5-7 vermeld is, by te voeg deur die diepgaande kennis van Jesus Christus as doelstelling voor te hou. Hy maak dit vir hulle duidelik dat, wanneer die deugde deel word van 'n persoon se lewe en dit toeneem, daardie selfde deugde tweërlei gevolge vir 'n persoon inhou: enersyds maak dit hom ywerig om die kennis na te jaag; andersyds sal dit hom die kennis van Jesus Christus laat ervaar as 'n diepgaande kennis wat in 'n persoonlike verhouding met Christus tot uiting kom.

<sup>5</sup>Die woord ἀργούς in 1:8 verwys na werkeloos (Louw & Nida, 1988i:515).

<sup>6</sup> Die woord ἀκόρπους verwys in 1:8 na die betekenis *om nie saad, vrugte of 'n oes te produseer nie* (vergelyk Louw & Nida, 1988i:276).

<sup>7</sup> Die woord ὑπάρχοντα word gebruik vir die betekenis *om teenwoordig te wees, spesifiek in verband met eienaarskap* (vergelyk Louw & Nida, 1988i:158).

<sup>8</sup>Die woord πλεονάζοντα in 1:8 verwys na die betekenis *om in oorvloed te hê* (Louw & Nida, 1988i:599).

#### 2.4.7.2 Die verhouding van τυφλός, μωπάζων en λήθην tot die motivering om eties korrek te lewe

Petrus maak in 1:9 duidelik in watter toestand iemand verkeer wat nie die deugde (ταῦτα, 1:9) besit nie. Hierdie toestand staan in kontras met die toestand wat hy in 1:8 geskets het. Μὴ πάρεστιν in 1:9 vorm naamlik 'n skerp kontras met ὑπάρχοντα καὶ πλεονάζοντα in 1:8. Die toestand wat met die woorde τυφλός, μωπάζων en λήθην geskets word, vorm ook 'n skerp kontras met die doelstelling van die deugde wat in 1:8 geskets word (vergelyk punt 2.4.7.1).

Petrus bestempel iemand by wie die deugde nie teenwoordig is nie, eerstens as figuurlik blind (τυφλός). By so 'n persoon is daar 'n totale onvermoë om te verstaan (vergelyk punt 2.4.2.5 vir die betekenis waarvoor die woord τυφλός gebruik word). Petrus maak dit egter tweedens ook duidelik dat so 'n persoon figuurlik kortsigtig (μωπάζων) is. Die persoon het dus 'n ernstige gebrek in sy vermoë om te verstaan (vergelyk punt 2.4.3.5 vir die betekenis waarvoor die woord μωπάζων gebruik word).

Die vraag ontstaan waarom Petrus eers stel dat so 'n persoon blind is en dan as't ware dit wat gesê is gedeeltelik kanselleer deur met μωπάζων 'n toestand te skets wat minder erg is as die toestand wat met τυφλός geskets word. Dikwels word aanvaar dat die betekenis waarvoor die woord μωπάζων gebruik word, 'n element van opsetlikheid inhou en dat die skrywer dus die persoon se blindheid op hierdie wyse nader verklaar (Groenewald, 1977:113; Green, 1977:72-73; Kelly, 1969:308; Picirilli, 1963:84). Volgens punt 2.4.3.5 is dit egter duidelik dat die betekenis-komponent *opsetlikheid* nie figureer in die betekenis waarvoor die woord μωπάζων in 1:9 gebruik word nie.

Petrus se bedoeling word egter duidelik vanuit die sintaktiese struktuur van 1:9. Die hoofsin in hierdie vers is τυφλός ἐστιν. Hierdie hoofsin word bepaal deur twee deelwoordfrases, te wete μωπάζων en λήθην λαβών. Die hoofmededeling van die sin is dus dat iemand by wie die deugde nie teenwoordig is nie, 'n totale onvermoë het om te verstaan. Die twee deelwoordfrases dui dan die rede vir die totale onvermoë aan: enersyds is daar by so iemand 'n *ernstige onvermoë om inligting aan te wend en tot die regte begrip of evaluering te kom* (μωπάζων); andersyds is daar by hom 'n onvermoë omdat hy *sekere inligting nie uit die geheue terugroep nie en die betekenis daarvan uit die oog verloor* (λήθην λαβών).

Uit die konteks van 1:9 kan afgelei word watter inligting so iemand nie korrek kan evalueer of begryp nie. Petrus se lesers is naamlik met twee "stelle inligting" gekonfronteer: aan die een kant die leer van die apostels (1:3-11) en aan die ander kant die leer van die valse leraars. Die apostels het aan hulle geleer dat iemand wat in 'n verbondsverhouding met God te staan gekom het, 'n leefwyse volgens God se wil behoort te voer (vergelyk punt 2.3). Die valse

leraars, daarenteen, het 'n leer van "vryheid" verkondig (vergelyk 2:19 en hoofstuk 2 punt 4), dit wil sê die leer dat die mens vry is om te leef soos hy wil en dat hy nie volgens God se wil hoef te leef nie. Iemand by wie die deugde nie voorkom nie, is te *kortsigtig* om te verstaan watter inligting die korrekte inligting is.

Soos vroeër gestel, bestaan iemand by wie die deugde nie voorkom nie, se totale onvermoë om te verstaan nie net uit kortsigtigheid nie, maar is dit ook geleë in die feit dat *vergeet word*. Petrus sê uitdruklik watter inligting so 'n persoon vergeet, te wete die reiniging van sy vroeëre sondes (τοῦ καθαρισμοῦ τῶν πάλαι αὐτοῦ ἁμαρτιῶν).

Skrywers stem in 'n groot mate saam dat Petrus met die woorde τοῦ καθαρισμοῦ τῶν πάλαι αὐτοῦ ἁμαρτιῶν na die doop verwys (Bauckham, 1983:189; Knoch, 1990:242-243; Paulsen, 1992:112; Van Houweling, 1993:39). Die ooreenkomste wat hierdie woorde toon met byvoorbeeld Handeling 22:16, 1 Korintiërs 6:11, Efesiërs 5:26 en Titus 2:14, waar die doop en die reiniging van sondes ook met mekaar in verband gebring word, bevestig hierdie standpunt.

Uit gedeeltes soos 1 Korintiërs 6:11, Handeling 22:16 en Efesiërs 5:25-27 is dit duidelik dat die doop as sodanig nie reiniging bewerk nie, maar dat die heilsgebeure van Jesus Christus se kruisiging en opstanding die groot veronderstelling van die doop is (Floor, 1983:57-60). Petrus leer ook nie in 1:9 dat die doop die reiniging van die sondes bewerk nie. Petrus wil egter duidelik maak dat iemand in wie se lewe die deugde nie voorkom nie, vergeet het wat sy doop aan hom be-teken. Sodanige persoon vergeet dat sy doop aan hom wys dat Christus met sy verlossing 'n radikale breuk bewerk het met die ou lewe - die lewe waarin volgens eie wil geleef is. Hy vergeet ook dat sy doop aan hom leer dat Christus aan hom 'n nuwe lewe gegee het wat volgens God se wil ingerig is.

Dit word duidelik dat Petrus die lesers motiveer tot 'n eties korrekte lewe deur aan hulle as waarskuwing voor te hou die toestand van iemand in wie se lewe die deugde ontbreek. So iemand het volgens 1:9 'n totale onvermoë om te verstaan. Sodanige persoon se totale onvermoë bestaan eerstens daarin dat hy 'n ernstige onvermoë het om te verstaan dat iemand wat in 'n verbondsverhouding met God te staan gekom het, 'n lewe volgens God se wil behoort te lei. Sy volslae onvermoë om te verstaan bestaan tweedens daarin dat hy vergeet het wat sy doop be-teken. Hy vergeet dat sy doop hom daarop wys dat Jesus Christus se verlossing 'n radikale breuk met die ou lewe bewerk het en aan hom 'n lewe volgens God se wil geskenk het.

#### 2.4.7.3 Die verhouding van βεβαίαν en ἐκλογήν tot die motivering om eties korrek te lewe

Nadat Petrus in 1:9-10 die lesers tot 'n eties korrekte lewe gemotiveer het, kom hy in 1:10 tot 'n gevolgtrekking<sup>9</sup>. In hierdie gevolgtrekking moedig Petrus die lesers aan om hulle roeping en verkiesing (ἐκλογήν) vas te maak (βεβαίαν... ποιεῖσθαι).

Daar is reeds in punt 2.4.5.5 aangetoon dat βεβαίαν gebruik word vir die betekenis *dit wat met sekerheid bekend is*. Daar kan dus met Hiebert (1989:59) saamgestem word dat Petrus nie die lesers oproep om deur hulle eie vermoë hulle roeping en verkiesing *sekerder te maak* nie. Petrus handel oor die verifiëring van die lesers se roeping en verkiesing. Hulle moet hulle daarvoor beywer dat hulle roeping en verkiesing met sekerheid bekend is.

Hoewel Petrus in samehang met die *verkiesing* ook die lesers aanmoedig om hulle *roeping* te verifieer, is dit vir hierdie studie, wat handel oor die kenmotief in 2 Petrus, van belang om slegs verdere aandag te gee aan die feit dat Petrus die lesers oproep om hulle *verkiesing* te verifieer. Die feit dat die lesers hulle verkiesing moet verifieer is van belang aangesien die kenmotief in die woord ἐκλογήν (verkiesing) na vore tree (vergelyk punt 2.4.6.5).

In punt 2.4.6.5 is aangetoon dat ἐκλογήν na 'n daad van God verwys. God is die Een wat, sonder om enige eienskappe van die persoon wat gekies word in ag te neem, die persoon verkies - 'n keuse slegs omdat Hy 'n besondere voorkeur vir 'n persoon het. Petrus moedig die lesers in 1:10 aan om te verifieer (βεβαίαν... ποιεῖσθαι) dat hulle op hierdie wyse deur God verkies is.

Dit is uit die konteks duidelik hoe die lesers daarin kan slaag om te bevestig dat hulle verkies is. Die aanmoediging in 1:10 word in 1:8-9 voorafgegaan deur 'n motivering om eties korrek te lewe (vergelyk punt 2.4.7.1 en punt 2.4.7.2). Uit die feit dat hierdie motivering die aanmoediging voorafgaan blyk dit dat die lesers deur 'n eties korrekte lewe sal verifieer dat hulle deur God verkies is. Indien die deugde wat in 1:5-7 vermeld word dus deel is van die lesers se lewe en steeds toeneem (vergelyk ὑπάρχοντα en πλεονάζοντα in 1:8 en punt 2.4.7.1), verifieer hulle daarmee dat hulle deur God gekies (en geroep<sup>10</sup>) is.

Petrus maak in 1:10 seker dat die lesers beseft hoe belangrik dit is dat hulle hul roeping en verkiesing verifieer wanneer hy vir hulle aantoon wat die gevolge daarvan is as hulle hul roeping en verkiesing verifieer. Hy sê in 1:10 dat hulle nooit sal struikel as hulle hul roeping en verkiesing bevestig nie.

<sup>9</sup> Die woord δὲ in 1:10 gee 'n aanduiding dat 1:10 as gevolgtrekking dien.

<sup>10</sup> Vir die rede waarom Petrus in 1:11 roeping voor verkiesing plaas, terwyl verkiesing kronologies voor roeping plaasgevind het (Rm. 8:30), vergelyk punt 2.4.6.5.

Die skrywer sê daarmee nie dat die lesers nooit weer sal sondig soos Spicq (1966:215-216) en Fornberg (1977:95) beweer nie. Indien Petrus met die woorde "... julle [sal] nooit weer struikel nie" bedoel dat hulle nooit weer sal sondig nie, sou dit neerkom op 'n tautologie. Hy het hulle immers in die aanmoediging om hulle roeping en verkiesing te bevestig in wese ook aangemoedig om nie te sondig nie. Dit sou dus 'n tautologie wees indien hy hulle eers oproep om nie te sondig nie en dan byvoeg: "sodat julle nie sondig nie" (Bauckham, 1983:191). Dit kom eerder voor of Petrus met "nooit struikel nie" bedoel dat diegene wat hulle roeping en verkiesing vasmaak, sonder struikeling sal vorder op die pad na die ewige koninkryk: daar is niks wat hulle sal verhinder om in die koninkryk in te gaan nie (1:11).

Dit is uit die voorgaande duidelik dat Petrus die lesers in 1:10 verder motiveer tot 'n eties korrekte lewe. Hy doen dit deur op grond van dit wat hy in 1:8-9 oor 'n eties korrekte lewe gestel het, 'n gevolgtrekking te maak. In hierdie gevolgtrekking maak hy dit vir die lesers duidelik dat iemand wie se lewe die deugde vertoon wat in 1:5-7 vermeld word, en in wie se lewe die deugde toeneem, daardeur bevestig dat God hom verkies het. Petrus motiveer die lesers verder tot 'n eties korrekte lewe deur hulle op die gevolg te wys wanneer hulle hul roeping en verkiesing bevestig. Hy laat hulle verstaan dat hulle dan nooit sodanig sal struikel dat hulle nie die ewige koninkryk van Jesus Christus sal beërwe nie.

### 3. Die kenmotief in die eskatologiese gedeelte van die nalatenskap van die apostels (1:11)

Dit is opmerklik dat daar in die eskatologiese gedeelte van die leer van die apostel, geen woorde voorkom wat die kenmotief dra nie. Dit beteken egter nie dat die kenmotief nie in hierdie gedeelte figureer nie.

Dit is duidelik dat die woorde οὕτως γάρ in 1:11 na 'n saak verwys wat reeds gestel is. Petrus gee deur die gebruik van die woord ἐπιχορηγηθήσεται in 1:11 'n aanduiding van dit waarna hy met die woorde οὕτως γάρ verwys. In 1:5 het Petrus die woord ἐπιχορηγήσατε gebruik om vir die lesers duidelik te maak dat hulle nie met die aanvaarde geloofswaarhede wat hulle ontvang het, mag volstaan nie (vergelyk punt 2.2.4.2). Hulle moet die deugde wat in 1:5-7 genoem word, *byvoeg* (ἐπιχορηγήσατε). Die aanvaarde geloofswaarhede, so is in punte 2.1.1 en 2.2.2 aangetoon, bring die kenmotief na vore. Deur die herhaling van die werkwoord ἐπιχορηγέω verbind die skrywer dit wat in 1:11 gestel word met die aanmoediging wat hy in 1:5 gegee het (Bigg, 1969:261; Hiebert, 1989:61; Mayor, 1965:98; Picirilli, 1963:93). Hy beklemtoon vir die lesers dat, indien hulle nie volstaan met die aanvaarde geloofswaarhede wat hulle ontvang het nie, maar die deugde *byvoeg*, God ook vir hulle toegang in die ewige koninkryk sal *byvoeg*.

Dit blyk dus dat Petrus, hoewel implisiet, tog in die eskatologiese gedeelte van sy nalatenskap die kenmotief na vore bring. Hy verbind die verantwoordelikheid wat die lesers het met betrekking tot die geloofswaarhede (waarin die kenmotief na vore kom) met die ingang in die ewige koninkryk.

Petrus leer nie dat die lesers deur die byvoeg van die deugde die toegang tot die koninkryk verdien nie. Soos Petrus in 1:3-4 beklemtoon het dat daar in genade gegee word (let op δεδωρημένης in 1:3 en δεδώρηται in 1:4), beklemtoon hy in 1:11 ook dat die toetrede tot die koninkryk *voorsien word*. Hy beklemtoon ook dat die ingaan in die koninkryk nie uit verdienste is nie, deur dit duidelik te stel dat die koninkryk waartoe die toegang verleen word, die koninkryk van die Verlosser (σωτήρος) is.

#### 4. Gevolgtrekkings

- 4.1 Die kenmotief in die historiese gedeelte van die geestelike nalatenskap (1:3-4)
- 4.1.1 Deur die gebruik van die woord ἐπιγνώσεως in 1:3 bring Petrus die kenmotief na vore.
- 4.1.2 Die woord ἐπιγνώσεως word in 1:3 gebruik om kennis aan te dui. Hierdie kennis wat min of meer afgebaken is, veronderstel diepgang, wat in 'n innige persoonlike verhouding gesetel is. Die kennis veronderstel ook dat inligting vooraf verkry is.
- 4.1.3 Die woord πάντα in 1:3 bring ook die kenmotief na vore omdat dit na die aanvaarde geloofswaarhede (πίστιν in 1:1) verwys.
- 4.1.4 Petrus maak dit in die historiese gedeelte van die opsomming van sy leer (1:3-4) duidelik dat Jesus Christus vanuit sy goddelike krag (vergelyk punt 1.2.2.1.1) die diepgaande kennis as instrument gebruik het (vergelyk punt 1.2.2.1.5) om aan die apostels (vergelyk punt 1.2.2.1.2) al die geloofswaarhede (vergelyk punt 1.2.2.1.3) te skenk wat nodig is om die ewige lewe te ontvang en om volgens God se wil te lewe (vergelyk punt 1.2.2.1.4).
- 4.1.5 Die diepgaande kennis wat Jesus Christus as instrument gebruik het, is kennis waardeur die apostels Jesus Christus geken het as die Een wat hulle geroep het om die betekenis van dit wat hulle tydens Jesus Christus se verheerliking gesien en gehoor het, te verkondig.



- 4.1.6 Die diepgaande kennis wat Jesus Christus as instrument gebruik het, is ook die kennis waardeur Hy geken word as die Een wat deur sy δόξη en ἄρετην aan die apostels die kosbare en allergrootste beloftes vir die toekoms gegee het.
- 4.1.7 Die diepgaande kennis wat die apostels van Jesus Christus gehad het, het belangrike gevolge vir die lesers ingehou. Omdat die apostels Jesus Christus geken het as die Een wat hulle geroep het om dit wat hulle tydens die verheerliking gesien en gehoor het te verkondig, is die dinge aan die lesers bekend gemaak. Dit het tot gevolg gehad dat die lesers in 'n verbondsverhouding met God te staan gekom het. 'n Voortvloeiende van hierdie verbondsverhouding wat tot stand gekom het, was dat hulle begin het om die morele verdorwenheid te ontvlug.
- 4.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 2 (1:5-10)**
- 4.2.1 Die kenmotief in gedagte-eenheid 2a (1:5-7)**
- 4.2.1.1 In gedagte-eenheid 2a word die kenmotief deur die woorde πίστει (1:5) en γνῶσις (1:5, 6) gedra.
- 4.2.1.2 Πίστιν word in 1:5 aangewend vir 'n stel aanvaarde geloofswaarhede waaroor daar tot 'n besluit gekom is.
- 4.2.1.3 Met γνῶσις in 1:5, 6 het Petrus 'n proses "om tot begrip te kom" in die oog. Hierdie proses is die resultaat van die vermoë om te leer en te ervaar.
- 4.2.1.4 Petrus maak dit duidelik dat die aanvaarde geloofswaarhede (πιστει) in 1:5 nie 'n deug is wat die lesers deur eie vermoë verkry het nie, maar dat dit 'n gawe is wat hulle deur God se genadige beskikking ontvang het.
- 4.2.1.5 Die aanvaarde geloofswaarhede wat die lesers ontvang het, word in die deugdelys in 1:5-7 as die gronddeug gestel. Die besit van hierdie gronddeug moet daartoe lei dat die lesers verskillende ander deugde by die gronddeug byvoeg.
- 4.2.1.6 Die deugde wat in 1:5-7 genoem word, dien as opsomming van 'n lewe volgens God se wil. Dat die kenmotief 'n sentrale plek in hierdie lewe volgens God se wil inneem, word bevestig deur die feit dat twee woorde πίστει en γνῶσις deel uitmaak van die deugdelys.

- 4.2.1.7 Petrus ag dit belangrik dat die lesers oor begripsvermoë (γνώσις) moet beskik omdat hulle in staat moet wees om die valse leer van die valse leraars te beoordeel aan die hand van dit wat Petrus in sy geestelike testament aan hulle nalaat.
- 4.2.1.8 Die verbondsverhouding tussen die lesers en God (1:4b) dien as begroning vir die aanmoediging van die lesers om die ander deugde by te voeg by die aanvaarde geloofswaarhede wat hulle ontvang het.
- 4.2.1.9 Die feit dat die lesers volgens 1:4b begin het om die morele verdorwenheid van die wêreld te ontvlug, dien as begroning vir die aanmoediging van die lesers in 1:5-7 om die deugde by hulle geloof by te voeg. Die lesers moet voortgaan om die morele verdorwenheid te ontvlug deur die deugde by aanvaarde geloofswaarhede by te voeg.
- 4.2.2 Die kenmotief in gedagte-eenheid 2b**
- 4.2.2.1 In gedagte-eenheid 2b kom die kenmotief in die volgende woorde na vore: ἐπίγνωσιν (1:8), τυφλός (1:9), μυωπάζων (1:9), λήθην (1:9), βεβαίαν (1:10) en ἐκλογήν (1:10).
- 4.2.2.2 Ἐπίγνωσιν in 1:8 word gebruik om 'n diepgaande kennis wat in 'n persoonlike verhouding tot uiting kom, aan te dui.
- 4.2.2.3 Petrus gebruik τυφλός in 1:9 om die totale onvermoë om te verstaan, aan te dui. Τυφλός hou verband met die evaluering van inligting.
- 4.2.2.4 Die woord μυωπάζων in 1:9 verwys na die groot gebrek aan die vermoë om inligting te gebruik om tot die korrekte begrip of evaluering te kom.
- 4.2.2.5 Λήθην in 1:9 hou verband met die onvermoë om inligting uit die geheue te herroep. Λήθην laat val die klem op die gevolge wanneer inligting nie uit die geheue herroep word nie: die betekenis van die inligting word uit die oog verloor.
- 4.2.2.6 Die woord βεβαίαν in 1:10 verwys na dit wat met sekerheid bekend is; dit wat geverifieer is. Βεβαίαν veronderstel dat inligting bekom is.
- 4.2.2.7 Petrus gebruik ἐκλογήν in 1:10 om God se ewige verkiesing aan te toon. Met ἐκλογήν word beklemtoon dat God 'n besondere voorkeur gehad het vir die

persoon. Hierdie voorkeur sluit die moontlikheid in dat God 'n gunstige houding teenoor die persoon gehad het. Die voorkeur wat God vir die persoon het, is egter nie gefundeer op enige eienskappe wat die persoon mag besit nie.

4.2.2.8 Petrus motiveer die lesers tot 'n eties korrekte lewe deur die diepgaande kennis van Jesus Christus in 1:8 aan hulle as doel voor te hou. Hy wys die lesers daarop dat, indien die deugde wat in 1:5-7 genoem word, deel is van hulle lewe en by hulle toeneem, dit hulle ywerig sal maak om die diepgaande kennis van Jesus Christus na te jaag. Ook sal hulle die diepgaande kennis ervaar as 'n persoonlike verhouding met Hom.

4.2.2.9 In 1:9 hou Petrus aan die lesers die toestand voor van iemand in wie se lewe die deugde nie voorkom nie. Hy maak dit duidelik dat daar by so 'n persoon 'n totale onvermoë is om te verstaan. Die volslae onvermoë om te verstaan, bestaan eerstens daarin dat die persoon 'n ernstige onvermoë het om te verstaan (μωπάζων) dat iemand wat in 'n verbondsverhouding met God verkeer, 'n lewe volgens God se wil moet lei. So 'n persoon se onvermoë om te verstaan bestaan tweedens daarin dat hy dit wat sy doop vir hom aandui, nie uit sy geheue kan oproep nie. Hy vergeet die radikale breuk met die ou lewe wat Jesus Christus bewerk het - die vernuwing waarop sy doop hom wys. Deur hierdie toestand van iemand by wie die deugde nie teenwoordig is nie, aan die lesers voor te hou, motiveer Petrus die lesers tot 'n eties korrekte lewe.

4.2.2.10 Petrus motiveer die lesers in 1:10 tot 'n eties korrekte lewe deur in die vers 'n gevolgtrekking te maak oor dit wat hy in die vorige twee verse oor 'n eties korrekte lewe gestel het. In hierdie gevolgtrekking wys hy die lesers daarop dat hulle deur 'n etiese korrekte lewe moet bevestig dat God hulle geroep het en (in 'n toegeneë houding teenoor hulle) hulle verkies het. Hy wys hulle ook op die gevolge wanneer hulle hulle roeping en verkiesing met 'n korrekte leefwyse bevestig: hulle sal sonder struikeling vorder op die pad na die ewige koninkryk; daar sal niks wees wat verhinder dat hulle die koninkryk ingaan nie.

## 5. Die kenmotief in gedagte-eenheid 3

5.1 In die eskatologiese gedeelte kom geen woorde voor wat die kenmotief dra nie.

5.2 Petrus bring egter die kenmotief na vore deur aan die lesers duidelik te maak dat die byvoeg van die deugde by die aanvaarde geloofswaarhede, verband hou met die ingaan in die ewige koninkryk van Jesus Christus. Hy beklemtoon dat,

God ook uit genade vir hulle die toegang tot die ewige koninkryk van Jesus Christus sal *byvoeg*. Dit is duidelik dat die byvoeg van deugde nie 'n voorwaarde is vir die byvoeg van die toegang tot die koninkryk nie.